# 1689 BAPTISTE GELOOFS BELYDENIS

**<u>Dit waarin ons verseker glo</u>**

**Die Baptiste Geloofsbelydenis van 1689**

**Inhoud**


| **Bladsy** | **Hfst.** | **Tema** |
|---|---|---|
| 2,3,4 | | Verduidelikende Notas. |
| 5,6,7 | 1 | Die Heilige Skrif. |
| 8,9 | 2 | God en die Heilige Drie-eenheid. |
| 10,11 | 3 | Die Raad van God. |
| 12 | 4 | Die Skepping. |
| 13, 14 | 5 | Die Voorsienigheid van God. |
| 15 | 6 | Die sondeval van die mens en die straf daarvoor. |
| 16 | 7 | Die Verbond van God. |
| 17,18,19 | 8 | Christus die Middelaar. |
| 20 | 9 | Die vrye wil. |
| 21 | 10 | Die Effektiewe Roeping. |
| 22,23 | 11 | Regverdigmaking. |
| 23 | 12 | Aanneming tot kinders. |
| 24 | 13 | Heiligmaking. |
| 25 | 14 | Reddende Genade. |
| 26 | 15 | Bekering tot die lewe enRedding. |

| | | |
|---|---|---|
| 27,28 | 16 | Goeie Werke |
| 29 | 17 | Die Volharding van die Heiliges. |
| 30,31 | 18 | Sekerheid van Genade en Verlossing. |
| 32,33 | 19 | Die Wet van God. |
| 34 | 20 | Die Evangelie en die Genadige omvang daarvan. |
| 35 | 21 | Christelike Vryheid en Gewetensvryheid. |
| 36,37 | 22 | Godsdienstige Aanbidding en die Sabbatdag. |
| 38 | 23 | Die Wettige Ede en Geloftes. |
| 39 | 24 | Die Siviele Magistraat of Regering |
| 40 | 25 | Die Huwelik. |
| 41,42,43,44 | 26 | Die Kerk. |
| 44 | 27 | Die Gemeenskap van die Heiliges. |
| 45 | 28 | Die Doop en die Nagmaal. |
| 45 | 29 | Die Doop. |
| 46,47 | 30 | Die Heilige Nagmaal. |
| 48 | 31 | Die toestand van die Mens na die Dood en die Opstanding van die Ontslapenes. |
| 49 | 32 | Die Laaste Oordeel. |

## <u>Verduidelikende Notas</u>

Ons aanvaar dat goedgevestigde Christene wat Baptiste oortuiging handhaaf, weinig, indien enige, probleme sal ondervind om die groot waarhede wat in hierdie Belydenis vervat is, te aanvaar. Fundamentele leerstellings soos die van die Drie-eenheid, Voorsienigheid, sondeval, versoening, regverdigmaking en bekering is 'n erfenis van almal wat op 'n waardige wyse die naam Christen dra. Aan die anderkant is daar sake waarna die Belydenis verwys wat nie so

algemeen aanvaar word nie, en waaroor mense baie verdeeld is. Hierdie feit herinner ons daaraan dat die Belydenis nie as 'n onfeilbare stelling wat op gelyke voet met die skrifte staan, begroetkanword nie.

Een ding is egter seker, dit gee met verstaanbare taal uitdrukking aan die som totaal van die Evangelie van martelare, kerkvaders, Hervormers en anderheiliges, en soos Spurgeon van die belydenis gesê het toe hy dit in 1856 gepubliseer het, "Dit is die waarheid van God, waarteen die poorte van die hel nie bestand is nie". Terselfdertyd gee ons toe dat sekere lesers verskeie interpretasies sal maak wat in ons dag aanvegbaar sal wees. Ons wil graag die aandag op enkeles hiervan vestig.

1. Hoofstuk 26 para. 4 *Die Pous van Rome word verklaar as …*

Hierdie siening wat deur die Hervormers en die Purityne gehou was word vandag nie meer universeel gehuldig nie. Die rede hiervoor is nie omdat Christene nie meer die dwalinge van Roomse Katolieke (en van moderne Protestantisme sover dit aangaan) betreur nie, maar dit berus op eksegetiese gronde. Sommige Christene is bereidwillig om te glo en te sê dat die primêre verwysing van die "klein apokalupsis" soos (*2 Tess 2:2-9* ) genoem word, is na die Pous – ander meen anders. Die onderskeie kommentare toon aan dat daar geredelike gronde is om alternatiewe interpretasies voor te stel. In die afwesigheid van eensgesindheidkan geen eis op 'n verpligte geloof ten opsigte van een of ander interpretasie gemaak word nie. In die veld van profesie (eskatologie) is dit besonderlik nodig om versigtig te wees, want slegs in die voleinde van alle dinge sal die profetiese betekenis van apokaluptiese gedeeltes van God se Woord duidelik gemaak wees. Met ander woorde ons is nie bereid om te aanvaar dat die profetiese interpretasie van die Hervormers van die sestiende eeu en die Puritynse van die sewentiende eeu, op dieselfde vlak as hulle leerstellinge verklarings staan nie.

2. Alhoewel daar 'n noue verwantskap tussen die 1689 Baptiste Belydenis van die Westminster Belydenis is, word die inhoud van Hoofstuk 20 nie in die Westminster Belydenis gevind nie. Hierdie Hoofstuk is met byna geen variasies, van die Savoy-Deklarsie van geloof en orde (1658) wat deur die Kongregational Onafhanklikes uitgegee is, oorgeneem. Waarom het die samestellers dit goed gevind om hierdie byvoeging te maak? Dr. Jack Milner van Derby het 'n studie van hierdie vraag gemaak, en hy skrywe as volg:

Wanneer ons na Hoofstuk 20 in sy geheel kyk dan lyk dit asof die samestellers van die Belydenis die nodigheid erken vir ‘n definisie van die evangelie “as uitgestuur in die wêreld”.

Die eerste paragraaf behels ‘n stelling aangaande die noodsaaklikheid van God se genade en word in die tweede paragraaf die absolute noodsaaklikheid van Evangelieprediking bevestig, wat daarop gemik is om die feit dat die Evangelie die mens nie anders nie as in die Bybel geopenbaar is. Paragraaf drie toon aan dat die werklike uitstuur van die evangelie in God se hande is. Alhoewel die voorskrif van die Skrif Christene beveel om die evangelie aan die mens te verkondig, bepaal die soewereine wil en welbehae van God alleen die besondere nasies en individue tot wie die evangelie in werklikheid kom. Die laaste paragraaf van Hoofstuk 20 is ‘n herbevestiging van die leerstelling van effektiewe roeping, met ‘n herinnering daarby dat die evangelieverkondigers sy plig vervul wanneer hy die waarheid verkondig.

Die dwang van die Groot Opdrag was duidelik deur die samestellings aangevoel en hulle het getrag om die aandag op die absolute onderskeid tussen “die kerk” en “die wêreld” te vestig. Voor die dae van Konstantyn was die kerk duidelik gesien in die gemeenskap van mense wat uit die wêreld geroep was. Hulle afsonderlikheid (separateness) was hulle krag want hulle was gered (verlos) van hulle sonde, en hulle het hulle medemens geroep om deelgenote te word van daardie selfde verlossing. In hulle ywer het die gelowiges die Groot Opdrag nagekom en die Here het baie tot hul getal gevoeg. Onder Konstantyn het die Christendom egter die amptelike godsdiens van die ryk geword en die beskerming van die Staat geniet. Die onderskeid tussen die Kerk en die Wêreld het verdwyn. Die “Kerk” het bestaan uit almal in ‘n gegewe lokaliteit en nie uit ‘n groep mense wat uitgeroep is en afgesonder van die wêreld is nie. Ten tye van die Hervorming, is die konsep van die Kerk wat sedert die heerskappy van Konstantyn bestaan het en deur die Middeleeue hoogty gevier het, in wese deur die Hervormers oorgeërf.

Baie van hulle het gedink in terme van Christen volke, stat of stede. Die Anabaptiste op die kontinent het dit duidelik gesien dat “die kerk ‘n afsonderlike gemeenskap is wat uit die wêreld geroep is”. As gevolg hiervan het die Hervormers hulle bittere vyande geword en hulle “purityne” en “perfeksioniste” genoem. In die sewentiende eeu het die Presbeterianers wat die Westminster Belydenis saamgestel het, steeds geglo in die Christendom in ‘n teritoriale sin – hulle het steeds geglo dat die Kerk deur die magistraat ondersteun moet word. Gelydelik het die Baptiste die idee van ‘n staatkerk

met sy vermenging van gelowiges en ongelowiges begin weerstaan – hulle het hulself gesien as ‘n uitgeroepe gemeenskap. Gelydelik het hulle ‘n siening van hulself in verhouding tot die wêreld begin ontwikkel, wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle die hele idee dat die Kerk en die staat met mekaar op ‘n Presbeteriaanse of Anglikaanse wyse verbind is, verwerp het. Hierdie ontwikkeling tot ‘n korrekte siening van die kerk in die wêreld is die besondere beklemtoning van Hoofstuk 20 van die 1689 Belydenis van Geloof.

3. Sommige is van mening dat die Belydenis uit-datum is en onvoldoende is ten opsigte van die foutloosheid (inerrancy) van die skrif. Magte wat vyandig is teenoor die evangelie, val die outoriteit van die Woord van God aanhoudend aan. Dit is voor- die- hand- liggend dat die skrywers van die Belydenis nie die twispunte van ons dag kon voorsien het nie. Hulle definisies is egter omvattend. Die saak is egter verder verduidelik in die volgende stelling deur Clark Pinnock in sy boek: A defence of Biblical Unfallibility: (‘n Vertaling) “Die kerk se leerstelling van inspirasie wat gebasseer is op die getuienis van die skrif selfkanas volg gedefineer word:

(Vertaling)

“Die Bybel wat in sy geheel God se geskrewe Woord aan die mens is, is in sy oorspronklike dokumente vry van foute, geheel en al betroubaar t.o.v. geskiedenis en leerstelling. Die feit dat dit Goddelik geïnspireer is maak die Boek “onfeilbaar”. (dit kan jou nie mislei in sy lering nie) en “foutloos” (dit is nie onderhewig daaraan om as vals of foutief bewys te word nie) Sy inspirasie is “volkome”, (dit betrek alle dele) “woordeliks” (dit sluit werklike taalvorme in) en “saamvloeiend” (dit is die produk van twee agente: menslik en Goddelik) Inspirasie betrek onfeilbaarheid as ‘n noodsaaklike eienskap, terwyl onfeilbaarheid op sy beurt weer foutloosheid impliseer. Hierdie drievoudige omskrywing van die Skrif is implisiet in die basiese tesis van Bybelse outoriteit”.

## Hoofstuk 1: Die Heilige Skrif

1. Die Heilge Skrif is die enigste algenoegsame, sekere en onfeilbare maatstaf of standaard van die kennis tot saligheid, geloof en gehoorsaamheid. *(2Tim 3:15-17; Jes 8:20; Luk 16:29-31; Efe 2:20)*

Alhoewel die lig van die natuur, asook God se werke van skepping en voorsienigheid so ‘n duidelike getuienis lewer van Sy goedheid, wysheid en

krag, dat mense geen verontskuldiging het nie, dan nogtans is dit nie genoegsaam om daardie kennis van God en Sy wil te gee wat nodig is tot saligheid nie. *(Rom 1:19-21; Rom 2:14-15; Ps 19:1-3)*

Daarom het dit God behaag om van tyd tot tyd en op verskeie maniere Homself te openbaar en Sy wil bekend te maak aan Sy Kerk. *(Heb 1:1)*

Later, met die doel om die waarheid te bewaar en versprei, die sekere vestiging van die Kerk teen korrupte natuur van die Mens en die kwaadwilligheid van Satan en die wêreld, het God toegesien dat hierdie openbaring van Homself en Sy wil volledig neergeskryf word. Dit bring mee dat die Heilige Skrif absoluut noodsaaklik is, aangesien die vorige maniere waarop God Sy wil aan Sy volk geopenbaar het, nou beëindig is.

*(Spr 22:19-21; Rom15:4; 2 Per 1:19-20)*

2. Onder die benaming, die Heilige Skrif, of die geskrewe Woord van God, word al die boeke van die Ou en Nuwe Testamente ingesluit naamlik,

**Die Ou Testament**

Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium, Joshua, Rigters, Rut, 1&2 Samuel, 1&2 Konings, 1&2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester, Job, Psalms, Spreuke van Salomo, Prediker, Hooglied van Salomo, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere van Jeremia, Esegiel, Daniël, Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi.

**Die Nuwe Testament**

Mattheus, Markus, Lukas, Johannes, Handelinge, Romeine,1&2 Korinthiërs, Galasiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, 1&2 Thessalonicense, 1&2 Timotheus, Titus, Filemon, Hebreërs, Jakobus, 1&2 Petrus, 1,2&3 Johannes, Judas, Openbaring.

Al hierdie boeke is deur die inspirasie van God gegee om te dien as die maatstaf van geloof en lewe. *(2 Tim 3:16)*

3. Die boeke wat algemeen bekend staan as die Apokriewe is nie Goddelik geïnspireer nie, en nie deel van die kánon van die Skrif nie, en daarom het dit geen gesag in die Kerk van God nie. Dit moet dus geensins op enige ander wyse goedgekeur of gebruik word as enige ander menslike geskrifte nie. *(Luk 24:27,44; Rom 3:2)*

4. Die gesag van die Heilige Skrif, waarvoor ons dit moet glo en waaraan ons moet gehoorsaam wees, is nie afhanklik van die getuienis van enige mens of kerk nie, maar is geheel afhanklik van God (wie Waarheid is), die outeur daarvan, dit moet daarom aangeneem word, omdat dit die Woord van God is.

*(2 Thess 2:13; 2 Tim 3:16; 2 Pet 1:19-21; 1 Joh 5:9)*

5. Die getuienis van die Kerk mag ons daartoe beweeg en oorreed om 'n verhewe en eerbiedige agting vir die Heilige Skrif te koester, asook vir die hemelse oorsprong van sy inhoud, die doeltreffendheid van sy leringe, die verhewenheid van sy styl, die ooreenstemming van al die dele, die omvattendheid van die geheel (wat alle eer aan God gee), die volle openbaring wat dit aanbied oor die enigste weg tot saligheid vir die mens, tesame met die baie ander onvergelykbare voortreflikhede en die algehele volmaaktheid daarvan. Die Skrif self bied hierdie redes as genoegsame getuienis dat dit die Woord van God is. Nieteenstaande dit, is ons algehele oortuiging en versekering van die onfeilbare waarheid en Goddelike gesag daarvan, afhanklik van die innerlike werking van die Heilige Gees, wie deur en met die Woord in ons harte getuig. *(Joh 16:13-14; 1 Kor 2:10-12; 1 Joh 2:20,27)*

6. Die volle raad van God betreffende alles wat noodsaaklik is vir Sy eie heerlikheid en die saligheid, geloof en lewe van die Mens, word of uitdruklik neergelê in die Skrif, of kandeur goeie en noodsaaklike gevolgtrekking afgelei word uit die Skrif. Hiertoe mag niks bygevoeg word nie, nie deur "nuwe openbaringe van die Gees" of deur menslike tradisie nie. *(2 Tim 3:15-17; Gal 1:8,9)*

Nogtans erken ons die innerlike verligting van die Gees van God as noodsaaklik tot die reddende begrip van dit wat in die Skrif geopenbaar word. *(Joh 6:45; 1 Kor 2:9-12)*

Ons erken ook dat sekere aspekte in verband met die aanbidding van God, en die regering van die Kerk, wat sake van algemene gebruik is, georden moet word in die lig van die natuur, en Christelike wysheid, volgens die algemene reëls van die Woord wat altyd nagekom moet word. *(1 Kor 11:13,14; 14:26,40)*

7. Die inhoud van die Skrif is nie ewe eenvoudig in sigself nie, en ook nie ewe duidelik vir elkeen nie; *(2 Pet 3:16)* en tog word die

dinge wat noodwendig geken, geglo en nagekom moet word vir saligheid, so duidelik uiteengesit en geopenbaar in een of ander deel van die Skrif, dat nie slegs die geleerdes nie, maar ook die ongeleerde, ‘n voldoende begrip daarvan kan bekom, deur die gewone gebruik van die middele daartoe verleen. *(Ps 19:8; 119:130)*

8. Die Ou Testament in Hebreeus (die taal van die Ou Testamentiese volk van God), *(Rom 3:2)* en die Nuwe Testament in Grieks (wat ten tye van die skrywe daarvan die mees algemeen bekende taal aan die nasies was), is direk deur God geïnspireer, en deur Sy besondere sorg en voorsienigheid suiwer gehou deur die eeue, en is daarom eg. Daarom moet die Kerk tydens alle godsdiensverskille haarself finaal op die Skrif beroep. *(Jes 8:20)* Die hele volk van God het ‘n reg van toegang tot, en belang by die Skrif, en word beveel om dit te lees, *(Hand 15:15)* en ondersoek. *(Joh 5:39)* Maar aangesien die oorspronklike tale nie bekend is aan die hele volk van God nie, moet die Skrif daarom vertaal word in die algemene spreektaal van elke nasie tot wie dit kom

*(1 Kor14:6,9,11,12,24,28 )* sodat die Woord van God oorvloedig in almal kan woon, en hulle Hom op ‘n gepaste wyse kan aanbid, terwyl hulle deur die geduld en vertroosting van die Skrif, hoop koester. *(Kol 3:16)*

9. Die onfeilbare reël van Skrifvertolking is vertolking deur die Skrif self. Daarom as daar ‘n vraag ontstaan oor die waarheid en volle betekenis van ‘n sekere Skrifgedeelte, moet ander dele van die Skrif wat duideliker spreek, gesoek en verstaan word.

*(Hand 15:15,16; 2 Pet 1:20-21)*

10. Die Heilige Skrif deur die Gees oorgedra is die oppergesag, en alle strydpunte van godsdiens, dekrete van konsillies, opinies van antieke skrywers, en leringe van mense en afsonderlike instansies, moet daaraan onderwerp en ondersoek word. Slegs in die beslissings van die Heilige Skrif so deur die Gees oorgedra kom ons geloof finaal tuis.

*(Matt 22:29-32; Efe 2:20; Hand 28:23)*

## Hoofstuk 2: God en die Heilige Drie-eenheid.

1. Die HERE onse God is die een en enige ware God, *(1 Kor 8:4,6; Deut 6:4)* en Sy bestaan is in en uit Homself.*(Jes 48:12; Jer 10:10)* Hy is oneindig in Sy wese en volmaaktheid; die essensie van Sy wese kan deur geeneen behalwe Homself verstaan word nie. *(Ex 3:14)* Hy is uiters suiwer Gees, *(Joh 4:24)* onsigbaar, sonder liggaam dele of hartstog. Hy alleen is onsterflik en bly in die lig wat vir die mens ontoeganklik is. *(1 Tim 1:17; Deut 4:15,16)* Hy is onveranderlik, *(Mal 3:6 )* oneindig groot, *(1 Kon 8:27; Jer 23:23)* ewig *(Ps 90:2)* onbegryplik, almagtig *(Gen 17:1)* in alle opsigte oneindig, algeheel heilig, *(Jes 6:3)* wys, vry en absoluut. Hy bewerk alles na die raad van Sy eie onveranderlike en mees regverdige wil, *(Ps 115:3; Jes 46:10)* tot Sy eie verheerliking. *(Spr 16:4; Rom 11:36)* Hy is uiters liefdevol, genadig, barmhartig, lankmoedig en oorvloedig in goedertierenheid en trou; Hy vergewe ongeregtigheid, oortreding van sonde, en beloon die wat Hom naarstiglik soek. *(Ex 34:6-7; Heb 11:6)* By dit alles is Hy uiters regverdig en vreeslik in Sy oordele, *(Neh 9:32,33)* terwyl Hy alle sonde haat *(Ps 5:5,6)* en geensins die skuldige sal kwytskeld nie. *(Ex 34:6,7; Nah 1:2,3)*

2. God, wie in Homself alle lewe, *(Joh 5:25)* heerlikheid, *(Ps 148:13)* Goedertierenheid *(Ps 119:68)* en geluksaligheid besit, is enig in en tot Homself algenoegsaam en onafhanklik van enige skepsel, wie geensins aan Sy heerlikheid toevoeg nie. *(Job 22:2-3)* Hy openbaar slegs Sy heerlikheid in, deur, en tot Sy skepsele. Hy is die oorsprong van alle lewe, terwyl alle dinge uit Hom, deur Hom en tot Hom is. *(Rom 11:34-36)* Hy besit soewereine mag oor die ganse Skepping, en handel volgens Sy eie wil, met, tot en vir alle skepsele. *(Dan 4:25,34,35)* Alles is oop en bloot voor Sy aangesig, *(Heb 4:13)* Sy kennis is onmeetlik, onfeilbaar en onafhanklik van die skepping, sodat geen saak vir Hom toevallig of onseker is nie. *(Eseg 11:5; Hand 15:18)* Hy is allerheilig in al Sy raadsbesluite, in al Sy werke *(Ps 145:17)* en in al Sy verordeninge. Aan Hom kom toe watter aanbidding,*(Openb 5:12-14)* diens en gehoorsaamheid ookal deur engele en mense, as Sy skepsele aan Hom verskuldig is, en wat dit God ookal behaag om verder van hulle te vereis.

3. In hierdie Goddelike en ewige wese bestaan daar drie persone, die Vader, die Woord of Seun, en die Heilige Gees, *(1 Joh 5:7; Matt 19:2; 2 Kor 13:14)* wie van een wesenlikheid, krag en ewigheid is. Elke persoon besit die gehele Goddelike wese, maar die wese bly onverdeeld. *(Ex 3:14; Joh 14:11; 1 Kor 8:6)* Die Vader se bestaan is uit geeneen gegenereer of voortgebring nie; die Seun is in ewigheid gegenereer deur die Vader; *(Joh 1:14,18)* die Heilige Gees gaan uit van die Vader en die Seun. *(Joh 15:26; Gal 4:6)* Die drie Persone is

ewigdurend, sonder begin, en daarom een God wie nie in natuur en wese verdeelkan word nie, en tog onderskeikan word deur heelwat besondere relatiewe kenmerke en persoonlike verhoudings. Hierdie lering van die Drie-eenheid is die fondament van ons gemeenskap met God, en ons vertroostende afhanklikheid van Hom.

## <u>Hoofstuk 3: Die Raad van God</u>

1. God het in Homself in alle ewigheid, vryelik en onveranderlik, 'n verordening uitgevaardig, van alles wat gebeur, deur die Alwyse en Heilige raad van Sy eie wil. *(Jes 46:10; Efes 1:11; Heb 6:17; Rom 9:15,18)* Deur so te doen is God egter nie die outeur van sonde nie, en het Hy ook geen gemeenskap met die wat daarin betrokke is nie. *(Jak 1:13; 1 Joh 1:5)* Ook het Hy daardeur die wil van die skepsel geen geweld aangedoen nie, *(Hand 4:27,28; Joh 19:11)* en ook nie die vryheid en gebeurlikheid van ander oorsake weggeneem nie, maar eerder vasgestel. *(Num 23:19; Efes 1:3-5)* Deur hierdie beskikking van alle dinge word Sy wysheid sigbaar, asook Sy krag en getrouheid in die voleinding van Sy raadsbesluite.

2. Alhoewel God weet wat ookal mag of kangebeur onder enige gegewe omstandigheid, *(Hand 15:18)* tog het Hy niks verorden omdat Hy dit as toekomstig voorsien het, of omdat dit noodwendig sou volg onder die gegewe omstandighede nie. *(Rom 9:11,13,16,18)*

3. Deur die verordeninge van God, en vir die openbaring van Sy heerlikheid, is sekere mense en engele uitverkies of voorbeskik tot die ewige lewe deur Jesus Christus, *(1 Tim 5:21; Matt 25:34)* tot die lof van Sy heerlike genade. *(Efes 1:5,6)* Andere word gelos om in hulle sonde voort te gaan tot hulle eie regverdige verdoemenis, en tot die lof van Sy verhewe regverdigheid. *(Rom 9: 22,23; Judas 4)*

4. Die mense en engele wie God so uitverkies en voorbeskik het, is in die besonder en onveranderlike beplan, en hulle getalle is so seker en defnitief, dat dit nie verminder of vermeerder kanword nie. *(Joh 13:18; 2 Tim 2:19)*

5. Die mense wat vooruitbeskik is tot die lewe, het God, voor die grondlegging van die aarde, en volgens Sy ewige en onveranderlike voorneme, en die verborge raad en welbehae van Sy wil, uitverkies in Christus tot die ewige heerlikheid, slegs deur Sy vrye genade en liefde, *(Efe 1:4,9,11; Rom 8:30;*

*2 Tim 1:9; 1 Tess 5:9)* en sonder dat enigiets in die skepsel as 'n voorwaarde of oorsaak Hom daartoe beweeg het. *(Rom 9:13,16; Efe 2:5,12)*

6. Net soos God die uitverkorenes benoem het tot die heerlikheid, het Hy al die middele daartoe vooruitbeskik, *(1 Pet 1:2; 2 Tess 2:13)* deur die ewige en mees vrye voorneme van Sy wil; daarom word die uitverkorenes, wie gevalle is in Adam, gered deur Christus, *(1 Tess 5:9-10)* effektiewelik tot geloof in Hom, deur die Heilige Gees wie in hulle werk op die bepaalde tyd. So word hulle dan geregverdig, aangeneem, geheilig, *(Rom 8:30; 2 Tess 2:13)* en bewaar deur Sy krag, deur geloof, tot redding. *(1 Pet 1:5)* Ook word geen ander gered deur Christus, of effektiewelik geroep, geregverdig, aangeneem of geheilig nie, behalwe die uitverkorenes alleen. *(Joh 6:64; 10:26; 17:9)*

7. Hierdie lering van die verhewe verborgenheid van die uitverkiesing moet met spesiale omsigtigheid en sorg hanteer word, sodat mense wie aandag gee aan die Wil van God soos geopenbaar in Sy Woord, en hulle oorgee aan gehoorsaamheid daaraan, versekering mag ontvang van hulle ewige uitverkiesing, vanuit die sekerheid van hulle effektiewe roeping. *(1 Thess 1: 4,5; 2 Pet 1:10)* Op hierdie manier sal hierdie lering stof gee tot lof, *(Efe 1:6; Rom 11:33)* aanbidding en bewondering van God, en ook nederigheid, *(Rom 11: 5,6,20)* ywer en oorvloedige vertroosting verskaf aan die wat die Evangelie gehoorsaam. *(Luk 10:20)*

## <u>Hoofstuk 4: Die Skepping</u>

1. In die begin het dit God die vader, Seun en Heilige Gees *(Joh 1:2-3; Heb 1:2; Job 26:13)* behaag om die wêreld te skep of te maak, en alles wat daarin is, sigbaar of onsigbaar, in die tydperk van ses dae. Alles was goed gemaak. *(Gen 1:31; Kol 1:16)* Dit het God gedoen tot die openbaarmaking van die heerlikheid van Sy ewige krag, *(Rom 1:20)* wysheid, en goedheid.

2. Nadat God alle ander skepsele gemaak het, het Hy die mens gemaak, man en vrou, *(Gen 1:27)* met rasionele en onsterflike siele, *(Gen 1:26)* en hulle sodoende geskik gemaak vir daardie lewe tot God waarvoor hulle geskape is, want hulle is gemaak na die beeld van God betreffende kennis, regverdigheid en ware heiligheid, *(Pred 7:29; Gen 1:26)* en die Wet van God is in hulle harte geskrywe. *(Rom 2:14,15)* Hulle het die vermoë besit om die wet te volvoer, maar was tog onderworpe aan 'n moontlikheid om te oortree, aangesien hulle

gelaat was onder die vryheid van hulle eie wil, wat self onderworpe was aan verandering. *(Gen 3:66)*

3. Buiten die Wet wat in hulle harte geskrywe was, het hulle die bevel ontvang om nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. *(Gen 2:17)* Terwyl hulle hierdie bevel gehoorsaam het, was hulle gelukkig in hulle gemeenskap met God, en het hulle heerskappy gevoer oor die skepsele. *(Gen 1:26,28)*

## Hoofstuk 5: Die voorsienigheid van God

1. In Sy onbeperkte krag en wysheid onderhou, rig, beskik en regeer God, die goeie Skepper van alle dinge, en alle skepsele, *(Heb 1:3; Job 38:11; Jes 46:10-11; Ps 135:6)* van die grootste tot die kleinste, *(Matt 10:29-31)* en dit deur Sy mees wyse en heilige voorsienigheid, met die doel voor oë waarvoor Hy hulle geskape het, en volgens Sy onfeilbare voorkennis, en die vrye en onveranderlike raad van Sy eie wil. Dit dien tot die lof van die heerlikheid van Sy wysheid, krag, regverdigheid, oneindige goedheid en barmhartigheid. *(Efe 1:11)*

2. Alhoewel alle dinge onveranderlik en onfeilbaar *(Hand 2:23)* gebeur in verhouding tot die voorkennis en raadsbesluit van God, wie die eerste oorsaak is, sodat niks per toeval met iemand gebeur of sonder Sy voorsienigheid nie, dan nogtans, deur dieselfde voorsienigheid, *(Spr 16:33)* beskik God hierdie dinge om te gebeur volgens die aard van ander oorsake, hetsy noodsaaklik, vryelik of afhanklik van omstandighede. *(Gen 8:22)*

3. In die gewone werking van Sy voorsienigheid maak God gebruik van middele, *(Hand 27:31,44; Jes 55:10-11)* en tog is Hy vry om sonder, *(Hos 1:7)* daaroor heen, *(Rom 4:19-21)* of daarteen, *(Dan 3:27)* te werk, volgens Sy welbehae.

4. Die almag, onnaspeurlike wysheid en oneindige goedheid van God word so ver geopenbaar in Sy voorsienigheid, dat Sy vooruitbepalende raad selfs deurgetrek word na die eerste sondeval en alle ander sondige handelinge, beide van engele en mense, *(Rom 11:32-34; 2 Sam 24:1; 1 Kron 21:1)* en dit nie slegs teen blote toestemming nie. Dit word ook met alle wysheid en met krag begrens, en andersins georden en beheer *(2 Kon 19:28; Ps 76:9-10)* in 'n veelvoudige bedeling met Sy allerheiligste doelwitte ten doel. *(Gen 50:20; Jes*

*10:6,7,12)* Dit word egter so gedoen dat die sondigheid van hulle handelinge slegs voortvloei uit die skepsel en nie vanuit God nie, wie allerheilig en regverdig is, en nie die outeur van sonde is nie of dit goedkeur nie. *(Ps 50:21; 1Joh 2:16)*

5. Die hoogs wyse, regverdige en genadige God laat dikwels Sy eie kinders vir 'n tyd oor aan veelvuldige versoekings en die verdorwenheid van hul eie harte. Hy doen dit om hulle vorige sondes te straf, of om aan hulle die verborge krag van verdorwenheid en die bedrieglikheid van hulle harte wat nog daarin bestaan aan hulle te openbaar, sodat hulle verootmoedig mag word. Hy wil hulle doelbewus laat besef dat hulle te alle tye net op Hom moet vertrou en om hulle te help waak teen toekomstige geleenthede vir sonde, en vir ander regverdige en Heilige doelstellings. *(2 Kron 32:25,26,31; 2 Kor 12:7-9)* Op hierdie en ander maniere word Sy Heilige en regverdige doelstellings uitgewerk sodat alles wat met Sy uitverkorenes gebeur, volgens Sy beplanninge ten goede vir Sy uitverkorenes en vir Sy verheerliking plaasvind. *(Rom 8:28)*

6. Betreffende daardie bose en goddelose mense wie God as regverdige regter, weens vorige sonde, verblind en verhard, *(Rom 1:24-26,28; 11:7-8)* van hulle weerhou Hy nie alleenlik Sy genade waardeur hulle verlig kon geword het in hulle verstand, en aangegryp in hulle harte nie, *(Deut 29:4)* maar soms onttrek God selfs die gawes wat hulle gehad het, *(Matt 13:12)* en stel hulle so bloot aan die dinge wat hulle verdorwenheid gebruik tot geleentheid vir sonde. *(Deut 2:30; 2 Kon 8:12-13)* By dit gee God hulle oor aan hulle eie wellus, die versoekinge van die wêreld, en die krag van Satan, *(Ps 81:12; 2 Tess 2:10-12)* waardeur hulle dan hulleself verhard onder die middele wat God gebruik tot versagting van andere. *(Ex 8:15,32; Jes 6:9-10; 1 Pet 2:7-8)*

7. Soos die voorsienigheid van God in die algemeen uitreik na alle skepsele, so, op 'n meer besondere manier, versorg God Sy Kerk en skik alles ten goede daarvoor. *(1 Tim 4:10; Amos 9: 8-9; Jes 43:3-5)*

## Hoofstuk 6: Die sondeval van die mens en die straf daarvoor.

1. Alhoewel God die mens opreg en volmaak geskape het, en hom ook 'n regverdige wet gegee het wat tot die lewe sou lei indien hy dit nagekom het, *(Gen 2:16-17)* en die dood voorgehou het met die oortreding daarvan,

het die mens nogtans nie lank in hierdie staat bly leef nie. Satan het die subtiliteit van die slang gebruik om Eva te onderwerp, en gevolglik het sy Adam verlei sodat hy sonder enige dwang gewilliglik die skeppingswet oortree het, en die bevel wat aan hulle gegee is om nie die verbode vrug te eet nie. *(Gen 3:12-13; 2 Kor 11:3)* Dit het God egter behaag om volgens Sy wyse en Heilige raad hierdie gebeurtenis toe te laat, aangesien Hy Hom reeds voorgeneem het om dit te skik tot Sy verheerliking.

2. Ons eerste ouers het deur hierdie sonde geval vanaf hulle oorspronklike staat van regverdigheid en gemeenskap met God, en ons het in hulle geval, sodat die dood oor almal gekom het. *(Rom 3:23)* Almal is dood in die sonde *(Rom 5:12)* en is algeheel besoedel in al hulle vermoeëns en dele van liggaam en siel. *(Tit 1:15; Gen 6:5; Jer 17:9; Rom 3:10-19)*

3. Deur God se bepaling is Adam en Eva die verteenwoordigers van die ganse Mensdom, en staan hulle in ons plek. Daarom is die skuld van hulle sonde en hulle verdorwe natuur oorgedra aan hulle nageslag *(Rom 5:12-19; 1 Kor 15:21,22,45,49)* volgens gewone generasie. Die mensdom word dus ontvang in sonde *(Ps 51:7; Job 14:4)* en is van nature kinders onder God se toorn, *(Efe 2:3)* die dienaars van sonde, onderworpe aan die dood,*(Rom 6:20; 5:12)* en alle ander ellende, geestelik, tydelik en ewig, tensy die Here Jesus hulle vrymaak. *(Heb 2:14-15; 1 Tess 1:10)*

4. Hierdie oorspronklike bedorwenheid, het ons gebring tot algehele ongesteldheid en onvermoë en ons teësinnig gemaak teenoor alle goeie dinge. *(Rom 8:7; Kol 1:21)* Dit is die oorsprong van alle werklike oortredings. *(Jak 1:14-15; Matt 15:19)*

5. Gedurende hierdie lewe bly die verdorwe natuur in dié wie wedergebore word, *(Rom 7:18,23; Pred 7:20; 1 Joh 1:8)* en alhoewel dit in Christus vrygespreek en afgesterwe word, bly dit waarlik en behoorlik sondig, asook alles wat daaruit voortkom.

*(Rom 7:23-25; Gal 5:17)*

## Hoofstuk 7: Die Verbond van God

1. Die afstand tussen God en Sy skepsels is so groot, dat alhoewel rasionele skepsels aan God as hul Skepper gehoorsaamheid verskuldig is, tog kon hulle nie die beloning van die lewe bereik nie, behalwe deurdat God gewilliglik tot

ons vlak neergedaal het, wat Hy dan ook uitgedruk het in terme van die Verbond. *(Job 35:7-8; Luk 17:10)*

2. Indat die Mens homself onder die vloek van die Wet geplaas het deur sy val, het dit die Here behaag om 'n verbond van genade *(Gen 2:17; Gal 3:10; Rom 3:20-21)* te maak, waarin Hy vryelik aan alle sondaars lewe en redding aanbied in Jesus Christus. Daarin vereis Hy van hulle geloof in Homself, sodat hulle gered kan word,*(Rom 8:3; Mark 16:15-16; Joh 3:16)* en belowe Hy aan elkeen, wie aangewys is tot die ewige lewe, Sy Heilige Gees, sodat hulle gewillig en bevoeg gemaak kan word om te glo. *(Eseg 36:26-27; Joh 6:44-45; Ps 110:3)*

3. Hierdie verbond word geopenbaar in die Evangelie; eerste aan Adam, in die belofte van die redding deur die Saad van die vrou, *(Gen 3:15)* en daarna ook deur verdere stappe, tot die volle openbaring daarvan voltooi was in die Nuwe Testament. *(Heb 1:1-2)* Dit is ook gegrondves in daardie ewige verbondstransaksie tussen die Vader en die Seun insake die redding van die uitverkorenes. *(2 Tim 1:9; Titus 1:2)* Alleenlik deur die genade van hierdie verbond verkry al die nasate van gevalle Adam, wie ookal gered word, lewe en geseënde onsterflikheid, aangesien die Mens nou in algehele onvermoë is tot aanneming by God op grond van daardie terme waarin Adam gestaan het in sy onskuld. *(Heb 11:6,13; Joh 8: 56; Hand 4:12; Rom 4:1-5)*

## **Hoofstuk 8: Christus die Middelaar**

1. Dit het God behaag, in Sy ewige voorneme, om die Here Jesus, Sy eniggebore Seun, te verkies en te verordineer, volgens die verbond tussen hulle beide gemaak, om die Middelaar te wees tussen God en die Mens. *(Jes 42:1; 1 Pet 1:19-20)* Daarby is Hy ook die Profeet, *(Hand 3:22)* Priester, *(Heb 5:5-6)* en Koning; *(Ps 2:6; Luk 1:33)* die Hoof en Redder van Sy Kerk, *(Efe 1:22-23)* die erfgenaam van alle dinge, *(Heb 1:2)* en die Regter van die wêreld. *(Hand 17:31)* Uit alle ewigheid het die Vader aan die Seun 'n volk gegee om Sy saad te wees, wie dan in tyd gered, geroepe, geregverdig, geheilig en verheerlik word. *(Jes 53:10; Joh 17:6; Rom 8:30)*

2. Die Seun van God, die tweede persoon in die Heilige Drie-eenheid, is waarlik en ewig God, die afskynsel van die Vader se heerlikheid, een in wese, en gelyk aan Hom wie die wêreld gemaak het, wie alles onderhou en regeer wat Hy gemaak het. In die volheid van die tyd het Christus die natuur van die Mens op Homself geneem, saam met al die essensiële eienskappe en

gemeenskaplike swakhede daarvan, *(Joh 1:14; Gal 4:4)* en tog sonder sonde. *(Rom 8:3; Heb 2:14,16,17; 4:15)* Hy is ontvang van die Heilige Gees in die skoot van die maagd Maria indat die Heilige Gees op haar neergekom het en die krag van die Almagtige haar oorskadu het. So is Hy gebore uit ‘n vrou van die stam van Juda, van die saad van Abraham en Dawid, volgens die Skrifte, *(Matt 1:22-23; Luk 1:27,31,35)* sodat twee hele, volmaakte en af-sonderlike nature onafskeidbaar saamgevoeg is in een persoon, sonder verandering, vermenging of verwarring, en sodat hierdie persoon waarlik God en waarlik mens is, en tog een Christus, die enigste Middelaar tussen God en die Mens. *(Rom 9:5; 1 Tim 2:5)*

3. Die Here Jesus, in Sy menslike natuur, so verenig met die Goddelike in die persoon van die Seun, is geheilig en gesalf met die Heilige Gees bo mate, *(Ps 45:8; Hand 10:38; Joh 3:34)* en het in Homself al die skatte van wysheid en kennis besit. *(Kol 2:3)* Dit het die Vader behaag dat alle volheid in Christus sou woon, *(Kol 1:19)* met die doel, indat Hy heilig, onskuldig, *(Heb 7:26)* onbesmet, en vol genade en waarheid is, *(Joh 1:14)* Hy deeglik toegerus mag wees om die amp van Middelaar en Borg uit te voer. *(Heb 7.22)* Hierdie amp het Hy nie op Homself geneem nie, maar is daartoe geroepe deur die Vader, *(Heb 5:5)* wie ook alle mag en oordeel in Sy hande geplaas het, en Hom beveel het om dit uit te voer. *(Matt 28:18; Joh 5:22,27; Hand 2:36)*

4. Hierdie amp het die Here Jesus gewilliglik onderneem, *(Ps 40:7-8; Heb 10:5-10; Joh 10:18)* en om dit uit te voer, is Hy gebore onder die wet , *(Gal 4:4; Matt 3:15)* wat Hy volmaak vervul het, en het Hy ook die straf verdra wat ons toegekom het en wat ons moes verduur en gely het. *(Gal 3:13; Jes 53:6; 1 Pet 3:18)* Hy is sonde en die vloek gemaak vir ons, *(2 Kor 5:21)* en het die mees smartlike droefheid in Sy siel, en die mees pynlike lyding in Sy liggaam verdra. *(Matt 26:37,38; Lukas 22:44; Matt 27:46)* Hy is so gekruisig, en het gesterwe, en terwyl Hy dood was het Hy egter nie verderwing gesien nie. *(Hand 13:37)* Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dode, *(1 Kor 15:3-4)* met dieselfde liggaam waarin Hy gely het, *(Joh 20:25,27)* en waarmee Hy ook in die Hemele opgevaar het, *(Mark 16:19; Hand 1:9-11)* waar Hy sit aan die regterhand van die Vader terwyl Hy intree.*(Rom 8:34; Heb 9:24)* Hy sal terugkom om mense en engele te oordeel aan die einde van die wêreld. *(Hand 10:42; Rom 14:9-10; Hand 1-11; 2 Pet 2:4)*

5. Die Here Jesus, deur Sy volmaakte gehoorsaamheid en offer van Homself, wat Hy deur die ewige Gees eenmaal aan God geoffer het, het die geregtigheid van God *(Heb 9:14; 10:14; Rom 3:25-26)* ten volle bevredig, versoening bewerkstellig, en 'n ewige erfenis losgekoop in die Hemelse Koninkryk vir elkeen wie die Vader aan Hom gegee het. *(Joh 17:2; Heb 9:15)*

6. Alhoewel die losprys van versoening nie eintlik deur Christus betaal is tot na Sy vleeswording nie, tog is die deug, die doeltreffendheid en die nut daarvan oorgedra aan die uitverkorenes deur alle eeue, opeenvolgend vanaf die begin van die wêreld, in en deur daardie beloftes, tipes, en offers waarin Christus geopenbaar en aangewys is as die Saad wie die slang se kop sou verbrysel, *(1 Kor 4:10; Heb 4:2; 1 Pet 1:10-11)* en as die Lam geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, *(Open 13:8)* wie dieselfde is, gister, vandag, en tot in ewigheid. *(Heb 13.8)*

7. Christus, in Sy werk as Middelaar, handel volgens beide nature, en deur middel van elke natuur doen Hy dit wat eie is aan die besondere natuur. Weens die eenheid van Sy persoon word dit wat pas by een natuur egter soms in die Skrif toegeskryf aan die persoon aangedui deur die natuur. *(Joh 3:13; Hand 20:28)*

8. Christus het vir elkeen, vir wie Hy ewige redding verkry het, dit ook sekerlik en doeltreffend aangewend en oorgedra, terwyl Hy vir hulle intree. *(Joh 6:37; 10:1516; 17:9; Rom 5:10)* Hy het hulle ook met Homself verenig deur Sy Gees, en aan hulle die verborgenheid van die redding in en deur die Woord geopenbaar, terwyl Hy hulle oorreed het om te glo en gehoorsaam te wees,*(Joh 17:6; Efe 1:9; 1 Joh 5:20)* deurdat Hy hulle harte geregeer het deur Sy Woord en Gees. *(Rom 8:9,14)* Hy oorkom ook al hulle vyande deur Sy almagtige krag en wysheid *(Ps 110:1; 1 Kor 15:25-26)* op so 'n manier en wyse as wat die beste pas by Sy wonderlike en onnaspeurlike bedeling, en dit deur vrye en absolute genade, sonder dat Hy enige vooruitgesiene voorwaarde in hulle in ag neem waardeur hulle dit mag verkry nie. *(Joh 3:8; Efe 1:80*

9. Hierdie amp van Middelaar tussen God en die Mens is slegs toepaslik vir Christus, wie die Profeet, Priester en Koning van die Kerk van God is. Dit mag ook nie, in geheel of gedeeltelik, oorgedra word van Homself aan enige ander persoon nie. *(1 Tim 2:5)*

10. Die aantal en orde van Sy ampte is noodsaaklik, want, betreffende ons onkunde, benodig ons Sy profetiese amp; *(Joh 1:18)* betreffende ons vervreemding van God, en die onvolmaaktheid van ons beste dienste, benodig ons Sy Priesterlike amp om ons met God te versoen, en om ons aanneemlik voor Hom te stel; *(Gal 5:17; Kol 1:21)* en betreffende ons afkeur tot God en ons onvermoë om tot Hom terug te keer, en ook vir ons redding en bewaring van ons geestelike teenstaanders, benodig ons Sy Koninklike amp om ons te oorreed, oorwin, nader te trek, te onderhou, verlos, en te bewaar vir Sy Hemelse Koninkryk. *(Ps 110:2; Luk 1:74-75; Joh 16:8)*

## Hoofstuk 9: Die vrye wil

1. God het die wil van die mens met daardie natuurlike vryheid en mag om te reageer op keuse, toebedeel, sodat dit nie onder dwang verkeer of deur die noodsaaklikheid van die natuur vas bepaal word om goed of kwaad te doen nie.

*(Matt 17:12; Jak 1:14; Deut 30:19)*

2. In sy staat van onskuld het die Mens die vryheid en mag gehad om te wil en te doen wat goed en welbehaaglik vir God was, *(Pred 7:29)* en tog was hy onstabiel, sodat hy van die staat van onskuld kon val. *(Gen 3:6)*

3. Weens sy val tot in 'n staat van sonde het die mens alle wilsvermoë tot dit wat geestelik goed is en saligheid meemaak, algeheel verloor, *(Rom 5:6; 8:7)* sodat hy as 'n natuurlike mens, met algehele afkeer van dit wat goed is, en dood in sonde, *(Efe 2:1,5)* nie by magte is om in sy eie krag homself te bekeer nie, of om homself daartoe voor te berei nie. *(Titus 3:3-5; Joh 6:44)*

4. Wanneer God 'n sondaar tot bekering bring, en hom oordra tot in 'n staat van genade, dan maak Hy hom vry van sy natuurlike gebondenheid aan sonde, *(Kol 1:13; Joh 8:36)* en deur Sy genade alleen, stel Hy hom instaat om vryelik dit te wil en te doen wat geestelik goed is. *(Fil 2:13)* Desnieteenstaande, weens sy oorblywende verdorwenheid, reageer sy wil nie volmaak en alleenlik tot die goeie nie, maar hy wil ook die kwade. *(Rom 7:15,18,19,21,23)*

5. Die wil van die Mens word alleenlik volmaak en onveranderlik vry tot die goeie gemaak in die staat van heerlikheid. *(Efe 4:13)*

## **Hoofstuk 10: Die Effektiewe Roeping**

1. Dit het God behaag om diegene, wie Hy vooruitbeskik het tot die lewe, op Sy vasgestelde en aangenome tyd effektiewelik te roep *(Rom 8:30; 11:7; Efe 1:10-11; 2 Tess 2:13-14)* deur Sy Woord en Gees, uit daardie staat van sonde en dood waarin hulle van nature verkeer, tot genade en redding deur Jesus Christus. *(Efe 2:1-6)* Daarby werp Hy geestelike en reddende lig op hulle verstand om die dinge van God te verstaan; *(Hand 26:18; Efe 1:17-18)* Hy neem weg hulle harte van klip, en gee aan hulle harte van vlees, *(Eseg 36:26)* indat Hy hulle wilskrag vernuwe, en hulle rig tot die goeie deur Sy Almagtige krag. Op 'n effektiewe wyse trek Hy hulle tot Jesus Christus,*(Deut 30:6; Eseg 36:27; Efe 1:19)* maar op so 'n wyse dat hulle algeheel vryelik kom, omdat Sy genade hulle gewillig maak. *(Ps 110:3; Hoogl 1:4)*

2. Hierdie effektiewe roeping kom slegs vanaf God se vrye en spesiale genade, en nie weens enige iets voorsien in die mens, of weens enige mag of invloed vanaf die skepsel nie. *(2 Tim 1:9; Efe 2:8)* Inderdaad, die mens is heel passief daarin, aangesien hy dood is in sonde en oortreding, totdat hy lewendig gemaak en hernieu word deur die Heilige Gees. *(1 Kor 2:14; Efe 2:5; Joh 5:25)* Daardeur word hy instaat gestel om op die roeping te antwoord, en om die genade wat daarin aangebied en oorgedra word, te omhels, en dit deur geen mindere krag nie, dan die wat Christus uit die dode opgewek het. *(Efe 1:19-20)*

3. Suigelinge wat sterwe word wederbaar en gered deur Christus deur middel van die Heilige Gees, *(Joh 3:3,5,6)*wie werk wanneer, waar en hoe Hy ookal wil. *(Joh 3:8)* Netso word alle uitverkorenes wie nie uiterlik geroepkan word deur die bediening van die Woord nie, ook gered.

4. Andere, wie nie uitverkies is nie, alhoewel hulle geroep mag word deur die bediening van die Woord, en sekere algemene werkinge van die Heilige Gees mag ervaar, *(Matt 22:14; 13:20; Heb 6:4-6)* dan nogtans, omdat hulle nie effektiewelik deur die Vader getrek word nie, wil of kan hulle nie waarlik tot Christus kom nie, en kan daarom nie gered word nie.*(1Joh 2:24-25; Joh 6:44,45,65)* Soveel te minder kan diegene gered word wie nie die Christelike geloof aanvaar nie, al vorm hulle, hulle lewens dan ook hoe ywerig volgens die lig van die natuur of die wette van daardie godsdiens wat hulle bely. *(Hand 4:12; Joh 4:22; 17:3)*

## Hoofstuk 11: Regverdigmaking

1. Diegene wie God effektiewelik roep, maak Hy vryelik regverdig, *(Rom 3:24; 8:30)* nie deur die ingieting van regverdigheid nie, maar deur die vergewing van sondes, en die toerekening en aanvaarding van hulle persone as regverdig; *(Rom 4:5 8; Efe 1:7)* en dit nie deur enige werk in of deur hulle nie, maar alleen ter wille van Christus.*(1 Kor 1:30,31; Rom 5:17-19)* Geloof self, die daad om te glo, of enige vorm van evangeliese gehoorsaamheid, word nie aan hulle toegereken as regverdigmaking nie. Slegs Christus se aktiewe gehoorsaamheid tot die hele wet, en passiewe gehoorsaamheid in Sy dood, word toegereken as hulle totale en enige regverdigheid. *(Efe 2:8-10; Fil 3:8,9)* So ontvang hulle Christus, en rus in Horn en Sy regverdigheid, deur die geloof; welke geloof nie uit hulleself kom nie, dit is die genadegawe van God. *(Joh 1:12; Rom 5:17)*

2. Geloof wat so Christus en Sy regverdigheid aanneem, en in Hom rus, is die enigste instrument tot regverdigmaking. *(Rom 3:28)* Dit is egter nie enig in die geregverdigde persoon nie, maar word altyd vergesel van alle ander reddende genadegawes, en is daarom geen dooie geloof nie, maar werk deur die liefde. *(Gal 5:6; Jak 2:17, 22, 26)*

3. Christus het deur Sy gehoorsaamheid en dood ten volle die skuld betaal van almal wie geregverdig word. Ook het Hy 'n paslike, ware en volle bevrediging gegee aan die geregtigheid van God om hulle onthalwe, *(8 Heb 10:14; 1 Pet 1:18,19; Jes 53:5)* deur die offer van Homself in die bloed van die kruis, waar Hy die straf, wat hulle toegekom het, self ondervind het. Tog is hulle regverdigmaking slegs uit vrye genade, indat Hy deur die Vader vir hulle gegee is, en Sy gehoorsaamheid en bevrediging van God se geregtigheid om hulle onthalwe aangeneem is, en dit vryelik, en nie weens enige iets in hulleself nie. *(Rom 8:32; 2 Kor 5:21)* Hulle regverdigmaking is slegs uit vrye genade, sodat beide die presiese geregtigheid en ryke genade van God verheerlik mag word in die regverdigmaking van sondaars. *(Rom 3:26; Efe 1:6:7; 2:7)*

4. Vanuit alle ewigheid het God vas bepaal dat alle uitverkorenes *(Gal 3:8; 1 Pet 1:2; 1 Tim 2:6)* geregverdig word. In die volheid van die tyd het Christus gesterwe vir hulle sondes, en weer opgestaan vir hulle regverdigmaking.*(Rom 4:25)* Nogtans word hulle nie persoonlik geregverdig, totdat die Heilige Gees op die regte tyd Christus werklik by hulle aanwend nie. *(Kol 1:21- 22, Tit 3:4-7)*

5. God gaan voort om die sonde te vergewe van die wie geregverdig is, *(Matt 6:12; I Joh 1:7, 9)* en alhoewel hulle nooit kan wegval vanuit die staat van regverdigheid nie, *(Joh 10:28)* mag hulle deur hulle sonde onder God se Vaderlike misnoë kom. *(Ps 89:31-33)* In daardie toestand word die lig van God se aangesig gewoonlik nie aan hulle terug besorg nie, totdat hulle hulleself verootmoedig, hulle sonde bely, om vergifnis smeek, en hulle geloof en bekering hernu. *(Ps 32:5; Ps 51; Matt 26:75)*

6. Die regverdigmaking van die gelowiges in die Ou Testament was in alle opsigte dieselfde as die regverdigmaking van gelowiges in die Nuwe Testament. *(Rom 4:22-24; Gal 3:9)*

## Hoofstuk 12: Die Aanneming tot kinders

1. God het vergun dat elkeen wie geregverdig is, in en ter wille van Sy enigste Seun, Jesus Christus, deelname verkry in die genade van aanneming, *(Efe 1:5; Gal 4:4-5)* waarby hulle deel word van die getal, en die vryhede en voorregte geniet van die kinders van God. *(Joh 1:12; Rom 8:15,17)* Sy naam word op hulle geplaas, *(2 Kor 6:18: Openb 3:12)* hulle ontvang die gees tot aanneming, *(Rom 8:15)* hulle het met vrymoedigheid toegang tot die troon van genade, word instaat gestel om Abba, Vader, te roep; *(Gal 4:4-6; Efe 2:18)* hulle word met medelye bejeën, *(Ps 103:13)* beskerm, *(Spr 14:26)* die nodige voorsien, *(1 Pet 5:7)* en betug deur Hom as Vader, *(Heb 12:6)* maar nooit verwerp nie; *(Jes 54:8-9; Klaag 3:31)* hulle word verseël tot die dag van verlossing, *(Efe 4:30)* en erf die beloftes as erfgename van ewige verlossing. *(Heb 1:14; 6:12)*

## Hoofstuk 13: Heiligmaking

1. Die wie verenig is met Christus, effektief geroep, en wedergebore, met 'n nuwe hart en nuwe gees in hulle geskep deur die verdienste van Christus se dood en opstanding, word ook verder geheilig, en dit werklik en persoonlik, *(Hand 20:32; Rom 6:5-6)* deur dieselfde verdienste, deur middel van Sy Woord en Gees wie in hulle woon. *(Joh 17:17; Efe 3:16-19; 1 Tess 5:21-23)* Die heerskappy van die totale liggaam van sonde word tot niet gemaak, *(Rom 6:14)* en die verskeie begeertes daarvan word meer en meer verswak en tot sterwe gebring, *(Gal 5:24)* en die reddende genadegawes in

hulle word meer en meer versterk en lewendig gemaak. *(Kol 1:11)* Dit lei tot die beoefening van alle ware heiligheid, waarsonder geen mens die Here sal sien nie. *(2 Kor 7:1; Heb 12:14)*

2. Hierdie heiligmaking betrek die hele mens, *(1 Tess 5:23)* maar is onvolmaak in hierdie lewe, want oorblyfsels van verdorwenheid bly nog oor in elke deel. *(Rom 7:18, 23)* Hieruit spruit daar voort 'n onversoenbare oorlog waarin die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees. *(Gal 5:17; 1 Pet 2:11)*

3. In hierdie oorlog oorwin die wedergebore deel, deur die aanhoudende voorsiening van krag vanaf die heiligmakende Gees van Christus, alhoewel die oorblywende verdorwenheid vir 'n tydlank die oorhand mag kry.*(Rom 7:23)* So groei die heiliges in genade, *(Rom 6:14)* en vervolmaak hulle die heiligheid in die vrees van God, terwyl hulle 'n hemelse lewenswyse nastreef in evangeliese gehoorsaamheid aan al die gebooie van Christus, soos Hy as Hoof en Koning aan hulle voorgeskrywe het in Sy Woord. *(2 Kor 3:18; 7:1; Efe 4:15,16)*

## **Hoofstuk 14. Reddende Genade**

1. Die genadegawe van geloof waardeur die uitverkorenes in staat gestel word om te glo tot redding, is die werk van die Gees in hulle harte. *(2 Kor 4:13; Efe 2:8)* Normaalweg word dit bewerk deur die prediking van die Woord.*(Rom 10:14,17)* Deur die Woord en die bediening daarvan, deur die bediening van die doop en die nagmaal, deur gebed en ook op ander maniere wat God bepaal, word geloof versterk en vermeerder. *(Luk 17:5; Hand 20:32; 1 Pet 2:2)*

2. Deur hierdie geloof glo 'n Christen alles wat in die Woord waarin God met outoriteit spreek, geopenbaar is.*(Hand 24:14)* Hy ag die Woord ook in 'n voortrefliker graad teenoor alle ander geskrifte en alle ander dinge wat in die wêreld is. *(Ps 19:7-10; 119:72)* Die Woord toon God se heerlikheid in Sy verskeie karakteristieke kenmerke; dit toon die voortreflikheid van Christus in Sy natuur en ampte; dit toon die krag en volmaaktheid van die Heilige Gees in al die werke waarin Hy betrokke is. Op hierdie wyse word die Christen in staat gestel om homself onvoorwaardelik op die waarheid wat aldus geglo is, te werp *(2 Tim 1:12)* en handel ook ooreenkomstig die verskillende eise wat in die verskeie dele van die Skrif gestel word. *(Joh 15:14)* Hy gee gehoorsaam toe aan die gebooie; hy sidder by die dreigemente; *(Jes 66:2;9)* die Goddelike

beloftes wat hom nou in hierdie lewe, asook in die ewige lewe aangaan, die omhels hy. *(Heb 11:13)* Die hoof handelinge van reddende geloof hou egter in die eerste instansie verband met Christus en dit berus hom op Christus alleen vir regverdigmaking, heiligmaking en die ewige lewe. Dit is alles kragtens die genadeverbond. *(Joh 1:12; Hand 16:31; Gal 2:20; Hand 15:11)*

3. Reddende geloof het sy klassifikasies. Dit mag swak of sterk wees. *(Heb 5:13-14; Matt 6:30: Rom 4:19-20)* Tog is hierdie geloof selfs in sy swakste graad heeltemal verskillend in soort en aard, van die geloof en algemene genade van tydelike gelowiges. *(2 Pet 1:1)* Daarom, alhoewel dit gereëld aangeval en verswak word, verkry dit tog die oorwinning *(Efe 6:16; 1 Joh 5:4-5)* en ontwikkel dit in baie Christene totdat hulle 'n volle versekering deur Christus, *(Heb 6:11-12)* wat beide die Outeur en Voleinder van ons geloof is, verkry. *(Heb 12:2)*

## **Hoofstuk 15: Bekering tot die lewe en Redding**

1. God gee bekering tot die lewe deur die effektiewe roeping ook van diegene van die uitverkorenes wie bekeer word in hulle rypere jare, al het hulle 'n tydlank in die staat van die natuur gelewe waarin hulle verskeie begeertes en welluste gedien het. *(1 Titus 3:2-5)*

2. Aangesien daar geeneen is wat goed doen en nie sondig nie, *(Pred7:20)* en die beste van mense deur die krag en bedrieglikheid van inwonende verdorwenheid, gepaard met voortgesette versoekings, in groot sonde en ergerlikheid mag verval, het die barmhartige God in die verbond van genade voorsiening gemaak, dat gelowiges, wie so sondig en val, hernu word deur bekering tot redding. *(Luk 22:31,32)*

3. Hierdie bekering tot redding is 'n evangeliese genadegawe, *(Sag 12:10; Hand 11:18)* waarby 'n persoon homself, deur geloof in Christus, verootmoedig oor sy sonde, met Godgegewe berou, deurdat die Heilige Gees hom bewus maak van die veelvuldige booshede van sy sonde. Ook verafsku hy sy sonde, en verfoei hy homself daarvoor, *(Eseg 36:31)* terwyl hy bid vir kwytskelding en die krag van genade, met die doel en voorneme om voor God te wandel in Sy welbehae in alle dinge, deur die voorsiening van die Heilige Gees. *(Ps 119:6, 128)*

4. Aangesien bekering moet voortgesit word deur die hele gang van ons lewens weens die liggaam van die dood en sy na-effekte, is dit elke mens se plig om elke besondere sonde, waarvan hy bewus is, in besonderhede te bely. *(Luk 19:8; I Tim 1:13,15)*

5. Die voorsiening wat God gemaak het deur Christus, in die verbond van genade, tot die bewaring van gelowiges tot redding, is van so 'n aard dat, alhoewel daar geen sonde is, hoe klein ookal, wat nie die verdoemenis verdien nie, *(Rom 6:23)* dan nogtans, is daar geen sonde so groot dat dit enigeen wie homself bekeer, *(Jes 1:16-18; 55:7)* sal bring tot die verdoemenis nie. Dit maak die voortdurende prediking van die bekering noodsaaklik.

## Hoofstuk 16: Goeie Werke

1. Goeie werke is slegs dit wat God in Sy Heilige Woord *(Miga 6:8; Heb 13:21)* beveel het, en nie dit wat die mens, sonder hierdie bevele, self versin uit 'n blinde ywer, of weens 'n skyn van goeie voornemens nie. *(Matt 15:9; Jes 29:13)*

2. Hierdie goeie werke, wat gedoen word in gehoorsaamheid aan God se gebooie, is die vrug en bewys van 'n ware, lewende geloof. *(Jak 2:18, 22)* Daardeur toon gelowiges hulle dankbaarheid, *(Ps 116:12,13)* word hulle geloofsekerheid versterk, *(2 Pet 1:5-11; 1 Joh 2:3,5)* hulle broeders in die geloof word daardeur opgebou,*(Matt 5:16)* hulle versier die belydenis van die evangelie, die monde van die teestanders word gestop, en hulle verheerlik God, *(1 Tim 6:1; Fil 1:11; 1 Pet 2:15)* wie se maaksel hulle is. In Christus is hulle hiertoe geskape, *(Efe 2:10)* sodat hulle die vrug van heiligmaking mag belewe, en dat hulle die ewige lewe mag beërwe as die uiteinde daarvan. *(Rom 6:22)*

3. Hulle vermoë om goeie werke te doen is geensins uit hulleself nie, maar algeheel vanuit die Gees van Christus. *(Joh 15:4-5)* En sodat hulle daartoe instaat gestel word, behalwe vir die genadegawes wat hulle reeds ontvang het, is daar ook 'n werklike invloed van dieselfde Heilige Gees nodig om in hulle te werk, om te wil en te doen na Sy welbehae. *(2 Kor 3:5; Fil 2:13)* Nogtans moet hulle nie hieroor nalatig word, asof hulle geen plig het om na te kom, indien die Gees hulle nie spesiaal daartoe beweeg nie; maar hulle moet ywerig wees om die genadegawes van God wat reeds in hulle is, aan te wakker. *(Fil 2:12; Heb 6:11-12; Jes 64:7)*

4. Die wie in hulle gehoorsaamheid styg tot die hoogste moontlike vlak in hierdie lewe, is so ver daarvan om pligvervullende werke te lewer, en om meer te doen dan wat God vereis, dat hulle, inderdaad, ver tekort skiet van hulle verpligtinge.*(13 Job 9:2,3; Gal 5:17. Luk 17:10)*

5. Ons beste werke kan geensins as verdienste staan om kwytskelding van sonde, of die ewige lewe, vanaf die hand van God te verdien nie, weens die disproporsie tussen hierdie werke en die toekomstige heerlikheid, asook die onbeperkte afstand tussen ons en God, wie ons buitendien nie daardeur kan bevoordeel, of daardeur die skuld van ons vorige sondes bevredegend kan betaal nie. *(Rom 3:20; Efe 2:8-9; Rom 4:6)* Maar wanneer ons alles gedoen het wat onskan, het ons slegs ons plig gedoen, en is ons onverdienstelike diensknegte. Daarby ook, in soverre as wat die werke goed is, kom dit van Sy Gees, *(Gal 5:22-23)* en in soverre as wat dit deur ons gedoen word, is dit besoedel en vermeng met soveel swakheid en onvolmaaktheid, dat dit nie die gestrengheid van God se oordeelkan deurstaan nie. *(Jes 64:6; Ps 143:2)*

6. Nieteenstaande die feit dat die persoon van gelowiges in Christus aangeneem word, *(Efe 1:6; I Pet 2:5)* word ook hulle goeie werke in Christus aangeneem. Dit is egter nie so dat hierdie goeie werke in hierdie lewe onskuldig en onberispelik in God se oë is nie, maar dat Hy daarna kyk in Sy Seun, en dit Hom behaag as werke wat opreg gedoen word, dit aanvaar en beloon, alhoewel dit vergesel word van heelwat swakheid en onvolmaaktheid.

*(Matt 25:21,23; Heb 6:10 )*

7. Alhoewel die wese van werke wat deur onwedergebore mense gedoen is, mag wees wat God beveel het, en van goeie gebruik mag wees vir hulleself en andere, *(2 Kon 10:30:1 Kon 21:27,29)* dan tog, omdat dit nie voortkom uit 'n hart gereinig deur geloof nie, *(Gen 4:5; Heb 11:4,6)* en ook nie volgens die voorskrif van die Woord gedoen word nie, *(I Kor 13:1)* en ook nie tot die regte doel, naamlik, die heerlikheid van God dien nie, *(Matt 6:2,5)* is dit daarom sondig, en kan dit God nie behaag nie, en ook nie 'n mens geskik maak om genade van God te ontvang nie. *(Amos 5:21-22; Rom 9:16; Titus 3:5)* En tog is die verwaarlosing van hierdie werke deur hulle nog meer sondig en lei tot die misnoë van God. *(Job 21:14-15; Matt 25:41-43)*

## Hoofstuk 17: Die Volharding van die Heiliges

1. Diegene wie God aangeneem het in die Geliefde, effektief geroep en geheilig het deur Sy Gees, en die kosbare geloof van die uitverkorenes gegee het, kan nie algeheel of finaal van die staat van genade verval nie, maar sal sekerlik daarin volhard tot die einde, en ewiglik gered word, want die gawes en roeping van God bly staan sonder berou. Daarom gaan God voort om geloof, bekering, liefde, vreugde, hoop, en al die genadegawes van die Gees tot onsterflikheid, *(Joh 10:28-29; Fil 1:6; 2 Tim 2:19; 1 Joh 2:19)* in hulle voort te bring en te voed. En alhoewel baie storms en vloedwaters aandring en teen hulle aanslaan, tog sal dit hulle nie meevoer vanaf daardie fondament en rots waarop hulle in die geloof gevestig is nie. Nogtans, deur ongeloof en die versoekings van Satan, mag die bewustelike lig en liefde van God 'n tydlank van hulle sig bedek word deur wolke en onduidelik word. *(Ps 89:31-32; 1 Kor 11:32)* Tog is God dan nog altyd dieselfde, en hulle sal sekerlik behoue bly deur die genade van God, tot redding, waar hulle gekoopte erfenis geniet sal word, want hulle is gegraveer op Sy handpalms, en hulle name is van alle ewigheid af aan geskrywe in die boek van die lewe. *(Mal 3:6)*

2. Hierdie volharding van die heiliges is nie afhanklik van hulle vrye wil nie, maar van die onveranderlike dekreet van die uitverkiesing, *(Rom 5:9-10; 8:30; 9:11,16)* wat voortvloei uit die vrye en onveranderlike liefde van God die Vader, die doeltreffendheid van die verdienste en voorbidding van Jesus Christus en eenheid met Hom, *(Rom 5:9-10; Joh 14:19)* die eed van God, *(6 Heb 6:17-18)* die inwonende Gees van God, en die saad van God in hulle,*(1 Joh 3:9)* asook die aard van die verbond van genade. *(Jer 32:40)* Uit dit alles spruit daar ook voort die sekerheid en onfeilbaarheid daarvan.

3. Die heiliges mag in gruwelike sonde verval en 'n tydlank daarin voortgaan, *(Matt 26:70, 72, 74)* weens die versoeking van Satan en die wêreld, die volharding van verdorwenheid wat nog in hulle bly, en die verwaarlosing van die middele wat hulle sou bewaar het. Daardeur haal hulle die misnoë van God op die hals, bedroef hulle die Heilige Gees, *(Jes 64:5,9; Efe 4:30)* hulle genadegawes en vertroostinge word belemmer, die hart word verhard en die gewete word verwond, *(Ps 32:3,4)* andere word seergemaak en in die skande gesteek, en hulle bring tydige oordele op hulleself. *(2 Sam 12:14)* Nogtans sal hulle dan hul bekering hernu en deur geloof in Christus Jesus bewaar word tot die einde. *(Luk 22:32,61,62)*

## Hoofstuk 18: Sekerheid van Genade en Verlossing

1. Tydelike gelowiges en ander onwedergeborenes mag hulleself ydellik bedrieg, met valse hoop en vleeslike veronderstellings, dat hulle in die guns van God, en 'n staat van saligheid, verkeer; welke hoop sal vergaan. *(Job 8:13-14: Matt 7:22,23)* Maar diegene wie waarlik glo in die Here Jesus, Hom opreg liefhet, en daarna strewe om in goeie gewete voor Hom te wandel, mag in hierdie lewe verseker wees dat hulle in 'n staat van genade verkeer, en mag juig in die hoop van die heerlikheid van God, *(1 Joh 2:3; 3:14,18,19,21,24; 5:13)* welke hoop hulle nooit beskaamd sal maak nie. *(Rom 5:2,5)*

2. Hierdie sekerheid is nie slegs 'n veronderstelling, of 'n waarskynlike oortuiging gegrond op 'n feilbare hoop nie, maar 'n onfeilbare versekering van geloof *(Heb 6:11,19)* gevestig op die bloed en regverdigheid van Christus soos geopenbaar in die Evangelie; *(Heb 6:17-19)* en ook op die innerlike bewys van daardie genadegawes van die Gees waaraan beloftes gemaak word, *(2 Pet 1:4,5,10,11)* asook op die getuienis van die Gees van aanneming, wie getuig met ons gees dat ons kinders van God is. *(Rom 8:15-16)* As 'n vrug hiervan, hou Hy die hart beide nederig en heilig. *(1 Joh3:l-3)*

3. Hierdie onfeilbare versekering word nie roetinegewys gevind saam met geloof tot saligheid nie, want 'n ware gelowige mag lank wag, en worstel met baie probleme, voordat hy deel daaraan verkry. *(Jes 50:10; Ps 88:77:1-12)* Tog kan hy deur die Gees daartoe instaat gestel word om die dinge te ervaar wat God vryelik aan hom gee, en hy mag dus, sonder buitengewone openbaring, en met die korrekte gebruik van die middele daartoe, *(1 Joh 4:13; Heb 6:11,12)* die sekerheid wel verkry. Daarom is dit elkeen se plig om alle ywer aan die dag te lê om sy roeping en uitverkiesing vas te maak. Hierdeur sal hy sy gemoed versterk weens vrede en vreugde in die Heilige Gees, weens liefde en dankbaarheid tot God, en in krag en vreugde in die plig van gehoorsaamheid, wat die passende vrug is van versekering. *(Rom 5:1,2,5; 14:17; Ps 119:32)* soverre neig dit nie die mens tot 'n losse lewe nie. *(Rom 6:1-2; Titus 2:11,12,14)*

4. Ware gelowiges mag vind dat hulle versekering van redding op verskeie wyses geskud, verswak en onderbreek kanword, indat hulle die bewaring daarvan verwaarloos. *(Hoogl 5:2,3,6)* Dit mag gebeur deurdat hulle verval in 'n besondere sonde wat die gewete verwond en die Gees bedroef; *(Ps 51:8,12,14)* ook deur 'n skielike en kragtige versoeking, *(Ps 31:23; 77:8-9; 116:11)* en deurdat God die lig van Sy aangesig onttrek, *(Ps 30:7)* en selfs

toelaat dat die wie Hom vrees in duisternis wandel en geen lig vind nie. Tog word die saad van God in hulle nooit ontneem nie, *(1 Joh 3:9)* en ook nie die lewe van geloof, *(Luk 22:32)* of die liefde van Christus en die broeders, of daardie opregtheid van hart en gewetensoortuiging van plig, waaruit, deur die werking van die Gees, hierdie versekering op die regte tyd weer kan opgewek word, *(Ps 42:6,12)* en ook waardeur hulle, in die tussentyd, bewaar word van uiterste wanhoop. *(Klaag 3:26-31)*

## Hoofstuk 19: Die Wet van God

1. God het aan Adam 'n wet van universele gehoorsaamheid gegee, wat in sy hart geskrywe is, en 'n besondere voorskrif om nie die vrug te eet van die boom van die kennis van goed en kwaad nie. *(Gen 1:27; Pred 7:29)* Hierdeur het God hom en sy nageslag gebind tot persoonlike, algehele, presiese en voortdurende gehoorsaamheid. *(Rom 10:5)* Ook het God lewe belowe indien die wet vervul word, en gedreig met die dood indien dit verbreek word. Hy het hom ook toegerus met die krag en vermoeë om dit te onderhou. *(Gal 3:10,12)*

2. Dieselfde wet as wat eerste in die hart van die mens geskrywe is, is voortgesit as die volmaakte standaard van regverdigheid na die sondeval. *(Rom 2:14-15)* Dit is deur God gegee op die berg Sinai in Tien Gebooie, en geskrywe op twee tafels; die eerste vier het ons plig tot God bevat, en die ander ses ons plig tot ons medemens.*(Deut 10:4)*

3. Behalwe hierdie wet, wat algemeen die morele wet genoem word, het dit God behaag om aan die volk van Israel seremoniële wette te gee, waarin tipiese verordeninge vervat is; gedeeltelik insake aanbidding, en 'n verafskaduwing van Christus, asook Sy genadegawes, werke, lyding, en seëninge; *(Kol 2:17; Heb 10:1)* en gedeeltelik 'n verklaring van verskeie instruksies van morele pligte. *(1 Kor 5:7)* Al hierdie seremoniële wette is slegs aangewys tot die tyd van hervorming, en word herroep en weggeneem deur Jesus Christus, die ware Messias en enige Wetgewer, wie met mag toegerus is deur die Vader tot hierdie doel. *(Efe 2:14,16; Kol 2:14,16,17)*

4. God het ook aan hulle verskeie juridiese wette gegee, wat saam met die staat van daardie volk tot 'n einde gekom het. Dit plaas niemand onder 'n

verpligting weens die eerbaarheid van daardie instelling nie, maar slegs die billike regverdigheid daarvan is vir moderne gebruik geskik. *(1 Kor 9:8-10)*

5. Die morele wet bind almal vir ewig tot gehoorsaamheid: geregverdigde persone sowel as andere; *(Rom 13:8-10; Jak 2:8,10-12)* en dit nie slegs met betrekking tot wat in die wet vervat word nie, maar ook met verwysing na die gesag van God die Skepper, wie dit gegee het. *(Jak 2:10-12)* Christus, in die evangelie, verlos ook nie van hierdie verpligting nie, maar versterk dit eerder. *(Matt 5:17-19; Rom 3-31)*

6. Alhoewel ware gelowiges nie onder die wet sorteer as 'n verbond van werke, om daardeur geregverdig of verdoem te word nie, *(Rom 6:14; Gal 2:16; Rom 8:1; 10;4)* tog is dit van groot nut vir hulle sowel as andere. As 'n reël vir die lewe, wat hulle inlig oor die wil van God en hulle plig, gee dit rigting, en bind dit hulle om daarvolgens te wandel. Dit ontbloot ook die sondige besmetting van hulle nature, harte, en lewens, sodat as hulle hulleself daarvolgens ondersoek, kom hulle tot 'n verdere oortuiging van, ootmoed vir, en haat teen, sonde. *(Rom 3:20; 7:7)* Daarby gee dit 'n meer heldere insig van hulle behoefte aan Christus, en die volmaaktheid aan Sy gehoorsaamheid. Netso is dit van nut tot die wedergeborene om sy eie verdorwenheid te beheer, deurdat dit sonde verbied. Die dreigemente daarvan dien om te toon wat hulle sonde se verdienste is, en watter beproewinge hulle in hierdie lewe daarvoor mag verwag, alhoewel hulle vrygestel is van die vloek en die onverminderde strengheid daarvan. Die beloftes daarvan toon ook aan hulle God se goedkeuring van gehoorsaamheid, en watter seëninge hulle mag verwag indien hulle dit nakom, maar, dit word egter nie aan hulle toegereken asof die wet 'n verbond van werke is nie. As die mens so goed doen en homself onthou van die kwaad, omdat die wet tot die een aanmoediging gee, en van die ander weerhou, is dit geen bewys dat hy onder die wet en nie onder genade is nie. *(Rom 6:12-14; 1 Pet 3:8-13)*

7. Die voorgenoemde nut van die wet is ook nie teenstrydig met die genade van die evangelie nie, maar stem hartlik ooreen daarmee, *(Gal 3:21)* terwyl die Gees van Christus die wil van die Mens onderwerp en instaat stel om vryelik en met blydskap dit te doen wat die wil van God, soos geopenbaar in die wet, van hulle vereis. *(Eseg 36:27)*

**Hoofstuk 20 : Die Evangelie en die Genadige omvang daarvan.**

1. Aangesien die verbond van werke deur sonde verbreek is, en nie ‘n weg tot die lewe kon bied nie, het dit God behaag om die belofte van Christus, die saad van die vrou, uit te vaardig, as die wyse waarop die uitverkorenes geroep, en geloof en bekering in hulle verwek sou word. *(Gen 3:15)* In hierdie belofte is die essensie van die evangelie geopenbaar, en is daardeur effektief tot die bekering en redding van sondaars. *(Openb 13:8)*

2. Hierdie belofte van Christus en saligheid deur Hom, word slegs geopenbaar in die Woord van God. *(Rom 1:17)* Die werke van die skepping of die voorsienigheid, tesame met die lig van die natuur, openbaar nie vir Christus of genade deur Hom nie, selfs nie op ‘n algemene of obskure wyse nie. *(Rom 10:14,15,17)* Nog minder sal die mens, wie gebrek ly aan die openbaring van Hom deur die belofte of die evangelie, daardeur instaat gestel word om reddende geloof of bekering te bereik. *(Spr 29:18; Jes 25:7; 60:2-3)*

3. Die openbaring van die evangelie aan sondaars, soos gegee op verskillende tye en in verskeie dele, met die byvoeging van beloftes en voorbehoude wat verwys na die gehoorsaamheid daarin verlang, word gegee aan nasies en persone volgens die soewereine wil, en welbehae van God. *(Ps 147:20; Hand 16:7)* Dit word ook nie geannekseer deur die verdienste van enige belofte gemaak aan die verwagte verbetering van die mens se natuurlike vermoëns nie, of deur die verdienste van lig ontvang buite die evangelie, soos besit deur alle mense nie. Dit is nog nooit so gedoen, en is nie moontlik nie. *(Rom 1:18-32)* Daarom is die prediking van die evangelie in alle eeue gegee aan persone en nasies, na gelang van die uitbreiding of inkorting daarvan, met groot variëteit, volgens die raad en wil van God.

4. Die evangelie is die enigste uiterlike wyse waarop Christus en reddende genade geopenbaar word, en dit is ook uitermatig geskik vir hierdie doel. Maar, sodat mense wie in oortredinge dood

is, weergebore en lewendig gemaak mag word, word daar ook verder ‘n effektiewe en onweerstaanbare werk van die Heilige Gees benodig op die ganse siel, sodat ‘n nuwe geestelike lewe *(Ps 110:3; 1 Kor 2:14; Efe 1:19-20)* in hulle voortgebring mag word, en waarsonder geen ander middele hulle bekering tot God sal bewerkstellig nie. *(Joh 6:44; 2 Kor 4:4,6)*

## Hoofstuk 21: Christelike Vryheid en Gewetensvryheid

1. Die vryheid wat Christus vir gelowiges onder die evangelie gekoop het, bestaan uit hulle vryheid van sondeskuld, die verdoemende toorn van God, en die gestrengheid en vloek van die wet. *(Gal 3:13)* Hulle word ook verlos van hierdie teens-woordige bose wêreld, *(Gal 1:4)* gebondenheid onder Satan, *(Hand 26:18)* die oorheersing van sonde, *(Rom 8:3)* die boosheid van beproewinge, *(Rom 8:28)* die vrees en angel van die dood, die triomf van die graf, *(1 Kor 15:54-57)* en die ewige oordeel. *(2 Tess 1:10)* Ook gee dit vrye toegang tot God, en 'n gewillige gehoorsaamheid wat nie spruit uit slaafse vrees nie, *(Rom 8:15)* maar uit kinderlike liefde en 'n gewillige gemoed. *(Luk 1:73-75; 1 Joh 4:18)*

In wese was dit ook algemeen beskikbaar aan die gelowiges onder die wet, *(Gal 3:9,14)* maar onder die Nuwe Testament word die Christelike vryheid verder vergroot, indat hulle vrygemaak is van die juk van die seremoniële wette waaraan die Joodse kerk onderworpe was; en ook in groter vrymoedigheid van toetrede tot die troon van genade, en in 'n voller mededeling van die vrye Gees van God as wat gelowiges onder die wet gewoonlik deel aan gehad het. *(Joh 7:38-39; Heb 10:19-21)*

2. God alleen is Heer van die gewete, *(Jak 4:12; Rom 14:4)* en het dit vry gemaak van sulke leringe en gebooie van mense, wat enigsins strydig is met Sy Woord, of nie daarin vervat word nie. *(Matt 15:9; Hand 4:19,29; 1 Kor 7:23)* Daarom, indien sulke leringe geglo, of sulke gebooie gehoorsaam word na die gewete, dan word ware vryheid van die gewete verraai. *(2 Kol 2:20,22,23)* Netso is die vereiste van 'n onvoorwaardelike geloof, en 'n absolute en blinde gehoor-saamheid, 'n vernietiging van vryheid van gewete en van redelikheid. *(1 Kor 3:5; 2 Kor 1:24)*

3. Die wie op 'n voorwendsel van Christelike vryheid enige sonde doen, of enige sondige wellus koester, sal sodoende die hoofdoel van die genade van die evangelie verdraai tot hulle eie vernietiging. *(Rom 6:1-2)* Netso vernietig hulle die doel van Christelike vryheid, naamlik, dat ons verlos word uit die hande van al ons vyande, en so die Here mag dien, sonder vrees, in heiligheid en regverdigheid voor Hom, al die dae van ons lewe. *(Gal 5:13; 2 Pet 2:18,21)*

## **Hoofstuk 22: Godsdienstige Aanbidding en die Sabbatdag**

1. Die lig van die natuur dui aan dat daar 'n God is wie heerskappy en soewereiniteit voer oor almal. Hy is regverdig, goed, en doen goed aan almal, en elkeen moet Hom daarom vrees, liefhê, loof, aanroep, vertrou en dien, met die hele hart, die hele siel, en met alle mag. *(Jer 10:7; Mark 12:33)* Maar die paslike wyse waarop God aanbid moet word, is deur Homself ingestel, *(Deut 12:32)* en so omskrewe deur Sy eie geopenbaarde wil, dat Hy nie aanbid kan word volgens die verbeeldingvlugte of praktyke van mense nie; en ook nie volgens die voorstelle van Satan, of sigbare voorstellinge van Homself, of op enige ander wyse wat nie deur die Heilige Skrif voorgeskryf word nie. *(Ex 20:4-6)*

2. Godsdienstige aanbidding moet gegee word aan God die Vader, Seun, en Heilige Gees, en aan Hom alleen.*(Matt 4:9-10; Joh 6:23, Matt 28:19)* Dit word nie gegee aan engele, heiliges, of enige ander skepsel nie. *(Rom 1:25; Kol 2:18; Openb 19:10)* Sedert die sondeval word ook nie aanbid sonder 'n middelaar nie, *(Joh 14:6)* en met geen ander bemiddeling dan die van Christus alleen nie. *(1 Tim 2:5)*

3. Gebed met danksegging, wat 'n deel is van normale aanbidding, word deur God vereis van alle mense. *(Ps 95:1-7; 65:2)* Maar, om dit aanneemlik te maak, moet dit gedoen word in die naam van die Seun *(Joh 14:13-14)*en met die hulp van die Gees, *(Rom 8:26)* volgens Sy wil; *(1 Joh 5:14)* en ook met begrip, eerbied, ootmoed, ywerigheid, geloof, liefde, en volharding. Wanneer saam met andere, moet daar ook in 'n bekende taal gebid word. *(1 Kor 14:16-17)*

4. Gebed moet gedoen word vir alle wettige aangeleenthede, asook vir alle soorte lewende mense, of vir die wie hierna sal lewe, *(1 Tim 2:1-2; 2 Sam 7:29)* maar nie vir die dooies nie. *(2 Sam 12:21-23)* Ons moet ook nie bid vir diegene van wie dit bekend sou wees dat hulle die sonde tot die dood begaan het nie. *(1 Joh 5:16)*

5. Die lees van die Skrif, *(1 Tim 4:13)* prediking en die luister na die Woord van God, *(2 Tim 4:2; Luk 8:18)* die lering en vermaning van mekaar met Psalms, lofsange en geestelike liedere, sang met genade in ons harte tot die Here, *(Kol 3:16; Efe 5:19)* asook die bediening van die Doop *(Matt 28:19-20)* en die Nagmaal, *(1 Kor 11:26)* is alles deel van die godsdienstige aanbidding van God. Die aanbidding moet verrig word met gehoorsaamheid aan Hom, met

begrip, geloof, eerbied en Goddelike vrees. Daarby ook, moet ernstige verootmoediging, met vas *(Est 4:16; Joël 2:12)* en dank-segging, met spesiale geleenthede, gebruik word op 'n heilige en godsdienstige wyse. *(Ex 15:1-19; Ps 107)*

6. Nie gebed, of enige deel van godsdienstige aanbidding, is nou onder die evangelie, gebind aan, of meer aanneemlik gemaak deur, enige plek waar dit verrig, of waaraan dit verbind is nie. God moet orals in gees en in waarheid aanbid word. *(Joh 4:21; Mal 1:11; 1Tim 2:8)* So kan Hy daagliks *(Matt 6:11; Ps 55:17)* aanbid word in afsonderlike families, *(Hand 10:2)* en privaat deur elkeen self, *(Matt 6:6)* ook meer ernstig in die openbare byeenkomste, wat nie onverskillig of gewillig verwaarloos of versaak moet word nie, wanneer God deur Sy Woord of voorsienigheid ons daartoe roep.

*(Heb 10:25; Hand 2:42)*

7. Dit is die wet van die natuur, dat, in die algemeen, 'n deel van 'n mens se tyd apart gesit word, deur God se aanwysing, vir die aanbidding van God. Netso, deur Sy Woord, het God 'n positiewe, morele en ewigdurende gebod uitgevaardig, wat alle mense in alle eeue bind, en waardeur Hy in besonder een dag in sewe aangewys het as 'n sabbat, wat vir Hom heilig gehou moet word. Vanaf die begin van die wêreld tot die opstanding van Christus was hierdie dag op die laaste dag van die week; en vanaf die opstanding van Christus is dit verander na die eerste dag van die week, en is dit die Dag van die Here, genoem. Dit moet voortgesit word tot die einde van die wêreld as die Christelike Sabbat, aangesien die laaste dag van die week afgeskaf is.

*(28 Ex 20:8;291 Kor 16:1,2; Hand 20:7; Openb 1:10)*

8. Die sabbat word geheilig aan die Here wanneer mense, na paslike voorbereiding van hulle harte, en die vooraf reëling van hulle alledaagse sake, nie alleenlik 'n heilige rus van hulle eie werke, woorde en gedagtes, insake hulle aardse werk en ontspanning, *(Neh 13:15-22; Jes 58:13)* die hele dag nakom nie, maar ook die hele dag opgeneem is in die openbare en private uitvoer van Sy aanbidding, en ook met die pligte van noodsaaklikheid en barmhartigheid. *(Matt 12:1-13)*

## Hoofstuk 23: Die Wettige Ede en Geloftes

1. ‘n Wettige eed is deel van godsdienstige aanbidding, waarmee die persoon, wie in waarheid, regverdigheid en oordeel sweer, God ernstig tot getuie van wat hy sweer roep, *(Ex 20:7; Deut 10:20; Jer 4:2)* en vra dat hy geoordeel word volgens die waarheid of valsheid daarvan. *(2 Kron 6:22-23)*

2. Mense moet alleenlik sweer by die naam van God; en daartoe moet dit dan ook gebruik word met alle heilige vrees en eerbied. Daarom is dit sondig en verwerplik om ydel of onnadenkend te sweer by daardie heerlike en skrikwekkende Naam, of om te sweer by enige ander ding. *(Matt 5:34,37; Jak 5:12)* Tog is dit geregverdig deur die Woord van God, *(Heb 6:16; 2 Kor 1:23)* dat ‘n eed geneem word, in sake van groot gewigtigheid en belang, waar bevestiging van die waarheid en die einde van ‘n stryd verlang word. So moet ‘n wettige eed geneem word, wat voorgeskryf is deur wettige gesag in sulke sake. *(Neh 13:25)*

3. Wie ookal ‘n eed neem wat geregverdig word deur die Woord van God, moet behoorlik besin oor die gewigtigheid van so ‘n ernstige handeling, en moet daarin slegs bevestig wat hy weet die waarheid is. Die Here word uitgedaag deur die onnadenkende, valse en ydele neem van ‘n eed, en ter wille van die sulkes wie dit doen treur die land. *(Lev 19:12; Jer 23:10)*

4. ‘n Eed moet geneem word in die klaarblyklike en algemene sin van die woorde, sonder dubbelsinnigheid of heimlike voorbehoude. *(Ps 24:4)*

5. ‘n Eed, wat nie gemaak kanword aan enige skepsel nie, maar alleenlik aan God, moet gemaak en uitgevoer word met alle godsdienstige versigtigheid en getrouheid. *(Gen 28:20-22; Ps 76:12)*

‘n Pouslike monastiese eed van ‘n lewenslange ongetroude lewe, *(1 Kor7:2,9)* selfverklaarde armoede, *(Efe 4:28)*en rituele gehoor-saamheid, is sover daarvan om grade van hoër volmaaktheid aan te dui, dat dit gereken word as bygelowigheid, en ‘n sondige strik, waarin geen Christen homself mag laat verstrengel nie. *(Matt 19:11)*

## Hoofstuk 24: Die Siviele Magistraat of Regering

1. God, die hoogste Heer en Koning van die ganse wêreld, het siviele magistrate verordineer om onder Hom te wees, oor die volk, tot Sy eie

heerlikheid, en vir die openbare belang. Vir hierdie doel het Hy hulle gewapen met die mag van die swaard, vir die verdediging en aanmoediging van hulle wie goed doen, en vir die straf van kwaaddoeners. *(Rom 13:1-4)*

2. Dit is wettig vir Christene om die amp van magistraat te aanvaar en uit te voer wanneer hulle daartoe geroep word. Aangesien hulle in die uitvoering van hierdie plig veral reg en vrede moet handhaaf, *(2 Sam 23:3; Ps 82:3-4)* volgens die heilsame wette van elke koninkryk en gemenebes, daarom mag hulle nou wettiglik, onder die Nuwe Testament, oorlog voer met geregverdigde en noodsaaklike geleenthede. *(Luk3:14)*

3. Aangesien siviele magistrate deur God aangestel is om die voorgenoemde sake te hanteer, moet ons onsself onderwerp, in die Here, in alle wettige sake wat deur hulle beveel word: en dit nie alleenlik terwille van die straf nie, maar terwille van die gewete. *(Rom 13:5-7; 1 Pet 2:17)* Ons moet ook smekinge en gebede doen vir konings, en almal wie hoog geplaas is, sodat ons onder hulle 'n rustige en stil lewe kan lei, in alle Godsvrug en eerlikheid. *(1 Tim 2:1-2)*

## Hoofstuk 25: Die Huwelik

1. Die huwelik moet bestaan tussen een man en een vrou. Dit is ook nie wettig vir enige man om meer as een vrou te hê nie; netso ook vir enige vrou om meer as een man op dieselfde tyd te hê nie. *(Gen 2:24; Mal 2:15; Matt 19:5,6)*

2. Die huwelik is verordineer vir die wedersydse hulp van man en vrou, *(Gen 2:18)* vir die vermeerdering van die menseras met wettige afstammelinge, *(Gen 1:28)* en vir die voorkoming van immoraliteit. *(1 Kor 7:2,9)*

3. Dit is wettig vir alle soorte mense om te trou wie met oordeel hulle toestemming kangee. *(1 Tim 4:3; Heb 13:4)* Dit is, egter, die plig van Christene om in die Here te trou, *(1 Kor 7:39)* en daarom moet die, wie ware godsdiens be!y nie trou met ongelowiges of afgodedienaars nie. Netso moet die Godvresende nie in dieselfde juk trek saam met die wat sondig lewe, of wat 'n doemwaardige kettery handhaaf, deur met hulle te trou nie. *(7 Neh 13:25-27)*

4. Die huwelik moet nie gesluit word binne die bande van bloedverwantskap of naasverwantes, wat in die Woord verbied word nie. *(Lev 18)* Sulke huwelike kan ook nie wettig verklaar word deur enige menslike wet of toestemming van partye, sodat sulkes kan saamleef as man en vrou nie. *(Mark 6:18; 1 Kor 5:1)*

## **Hoofstuk 26: Die Kerk**

1. Die katolieke of universele kerk, wat met betrekking tot die interne werk van die Gees en waarheid van genade, ook onsigbaar genoem kan word, bestaan uit die hele getal van die uitverkorenes, wie voorheen, nou, en in die toekoms byeengebring word, onder Christus, wie hul Hoof is. Die kerk is so die bruid, die liggaam, en die volheid van Hom wie alles in almal vervul.

*(Efe 1:10,22,23; 5:23,27,32; Kol 1:18; Heb 12:23)*

2. A!le persone deur die wêreld wie die geloof van die evangelie en gehoorsaamheid aan God, deur Christus, bely, en wie nie hulle belydenis vernietig deur enige dwaling wat die fondamente omgooi, of 'n onheilige lewe lei nie, is en mag sigbare heiliges genoem word, *(1 Kor 1:2; Hand 11:26)* en uit sulkes behoort alle gemeentes saamgestel te word. *(Rom 1:7; Efe 1:20-22)*

3. Die suiwerste kerke onder die hemel is onderworpe aan vermenging en dwaling. *(1 Kor 5; Openb 2 & 3)* Party het reeds so gedwaal dat hulle nie meer kerke van Christus is nie, maar sinagoges van Satan. *(Openb 18:2; 2 Tess 2:11-12)* Des-nieteenstaande, het Christus, en sal Hy altyd tot die einde 'n koninkryk in hierdie wêreld hê, van diesulkes wie in Hom glo en Sy naam bely. *(Matt 16:18; Ps 72:17; 102:28; Openb 12:17)*

4. Die Here Jesus Christus is Hoof van die kerk, en deur die gesag van die Vader, is Hy, op 'n opperste en soewereine wyse, *(Openb 18:2; 2 Tess 2:11-12)* beklee met alle mag tot die roeping, stigting, verordening of regering van die kerk. Die Pous van Rome kan nie in enige sin hoof daarvan wees nie, maar hy is die Antichris, daardie mens van die sonde en seun van verderf, wie homself verhef in die kerk teen Christus, en alles wat God genoem word, en wie die Here sal vernietig met die verskyning van Sy wederkoms. *(2 Tess 2:2-9)*

5. In die uitvoering van hierdie gesag waarmee die Here Jesus toevertrou is, roep Hy uit die wêreld en tot Homself, diegene wie Sy Vader aan Hom gegee het, *(Joh 10:16; 12:32)* deur die bediening van die Woord en deur Sy Gees, sodat hulle in al die weë van gehoorsaamheid voor Hom mag wandel, volgens die voorskrifte in Sy Woord. *(Matt 28:20)* Die wat so geroep is beveel Hy om in besondere gemeenskappe of kerke saam te verkeer, tot hulle wedersydse stigting, en die vereiste uitvoering van daardie openbare aanbidding wat Hy van hulle in hierdie wêreld vereis.

*(Mat t 18:15-20)*

6. Die lidmate van hierdie kerke is heiliges volgens roeping, en gee sigbare openbaring en stawing, in en deur hulle getuienis en lewenswandel, van hulle gehoorsaamheid tot daardie roeping van Christus. *(Rom 1:7; 1 Kor 1:2)* Hulle stem ooreen om gewilliglik saam te verkeer, volgens die aanwysing van Christus, terwyl hulle hulleself oorgee aan die Here, en aan mekaar, deur die wil van God, in 'n belydenis van onderworpenheid aan die verordeninge van die evangelie. *(Hand 2:41-42; 5:13-14; 2; Kor 9:13)*

7. Aan elkeen van hierdie kerke wat byeen geroep is, volgens Sy wil soos verklaar in Sy Woord, het God al daardie mag en gesag gegee wat nodig is tot die voortgesette handhawing van orde in aanbidding en dissipline, wat Hy ingestel het vir hulle om na te kom. Daarby is bevele en reëls daargestel vir die paslike en korrekte beoefening en uitvoering van daardie mag. *(Matt 18:17-18; 1 Kor 5:4-5; 5:13; 2 Kor 2:6-8)*

8. 'n Besondere kerk wat saamgeroep en volledig georganiseerd is volgens die wil van Christus, bestaan uit ampsdraers en lidmate. Die ampsdraers wat so aangewys word deur Christus, is biskoppe of ouderlinge, en diakens. Hulle moet deur die kerk, wat so geroep en byeengebring is, verkies en afgesonder word, vir die besondere bediening van die ordinansies, en die uitvoering van magte en pligte wat Hy aan hulle toevertrou het, of waartoe Hy hulle mag roep. Hierdie praktyk moet tot die einde van die wêreld voortgesit word. *(Hand 20:17,28; Fil 1:1)*

9. Die wyse wat Christus aangetoon het vir die roeping van enige persoon, wie toegerus, en gawes gegee is deur die Heilige Gees, tot die amp van biskop of ouderling in 'n kerk, is dat hy daartoe verkies word deur die algemene stemreg van die kerk, *(Hand 14:23)* en dat hy met erns afgesonder word met vas en gebed, en die oplegging van hande deur die ouderlinge van die kerk, indien sulkes voorheen aangestel is. *(1 Tim 4:14)* 'n Diaken moet verkies word deur dieselfde stemreg, en moet afgesonder word met gebed, en 'n soortgelyke oplegging van hande. *(Hand 6:3,5,6)*

10. Dit is die werk van herders om voltyds aandag te gee aan die diens van Christus in Sy kerke, met die bediening van die Woord en gebed, met waking oor hulle siele, as diesulkes wie rekenskap aan God moet gee.*(Hand 6:4; Heb 13:17)* Daarom is dit 'n verpligting op die kerke, vir wie hulle so bedien, om nie alleenlik aan hulle paslike eerbied te toon nie, maar om ook aan hulle, van al die goeie dinge wat hulle besit, *(1 Tim 5:17-18; Gal 6:6-7)* mee te deel, sodat hulle 'n voldoende versorging ontvang, sonder dat dit nodig

word dat hulle in sekulêre sake betrokke raak. *(2 Tim 2:4)* Sodoende word hulle ook in staat gestel om gasvryheid te beoefen teenoor andere. *(1Tim 3:2)* Hierdie voorskrifte word vereis deur die wet van die natuur, en deur die uitdruklike bevel van die Here Jesus, wie verordineer het dat, die wie die evangelie preek ook daarvan moet lewe. *(1 Kor 9:6-14)*

11. Alhoewel dit die plig is van biskoppe of herders van die kerke om tydig die Woord te preek weens sy amp, is die prediking van die Woord nie so tot hulle beperk, dat andere wie daartoe begaafd en toegerus is deur die Heilige Gees, nie ook die taak mag uitvoer nie, indien hulle deur die kerk goedgekeur en geroep is. *(Hand 11:19-21; 1 Pet 4:10-11)*

12. Aangesien alle gelowiges daartoe gebind is om by besondere kerke aan te sluit, waar en wanneer hulle die geleentheid gegun word, kom hulle onder die sensuur en regering daarvan, sodra hulle toegelaat word tot die voorregte van ‘n kerk, en dit volgens die reël van Christus. *(1 Tess 5:14; 2 Tess 3:6,14,15)*

13. Enige kerklidmaat wie aan ‘n ander aanstoot geneem het, en die plig wat van hom vereis word teenoor die ander persoon, aan wie aanstoot geneem is, nagekom het, moet nie die kerkorde versteur, of van kerkvergaderings of die bediening van enige sakramente wegbly, wanneer hierdie aanstoot teen enige medelidmaat te berde gebring word nie. Hulle moet eerder op Christus wag in die verdere optrede van die kerk. *(Matt 18:15-17; Efe 4:2-3)*

14. Elke kerk en al die lidmate daarvan is gebind om te bid vir die welvaart en voorspoed van al die kerke van Christus, *(Efe 6:18; Ps 122:6)* in alle plekke, en met elke geleentheid, om elkeen binne die perke van hul plek en roeping te bevorder in die beoefening van hulle talente en genadegawes. Daarom ook, as kerke so geplant word deur die voorsienigheid van God, moet hulle die geleentheid en voordeel daarvan benut om gemeenskap met mekaar te hou, terwille van hulle vrede, vermeerdering in liefde, en wedersydse stigting. *(Rom 16:1-2; 3 Joh: 8-10)*

15. In gevalle van probleme en verskille, beide in punte van dogma of bediening, waarin kerke in die algemeen of enige enkele kerk, met betrekking tot hulle vrede, eenheid en stigting, betrokke is, of waar enige lidmaat of lidmate van enige kerk seergemaak is deur enige uitvoering van sensuur wat nie met waarheid en orde ooreenstem nie, dan is dit die wil van Christus dat baie kerke wat in gemeenskap verbonde is, deur hulle verteenwoordigers byeen

kom om te besin en raad te gee oor die saak van verskil, en om dan aan alle betrokke kerke terug te rapporteer. *(Hand15:2,4,6,22,23,25)*

Die verteenwoordigers, wat byeenkom, word nie met ware sogenaamde kerkgesag, en ook nie met juridiese gesag oor dieselfde kerke, toevertrou nie, en kan daarom nie sensuur toepas oor enige kerke of persone, om so hulle besluite af te dwing op die kerke of amptenare nie. *(2 Kor 1:24; 1 Joh 4:1)*

## Hoofstuk 27: Die Gemeenskap van die Heiliges

1. Alle heiliges is verenig met Jesus Christus, hulle Hoof, deur Sy Gees, en geloof, en alhoewel hulle daardeur nie met Hom verenig is tot een persoon nie, het hulle nogtans gemeenskap met Hom in Sy genadegawes, lyding, dood, wederopstanding, en verheer-liking. *(1 Joh 1:3; Joh 1:16; Fil 3:10; Rom 6:5,6)* Daarby is hulle ook met mekaar verenig in liefde, en gevolglik het hulle gemeenskap in mekaar se talente en genadegawes. *(Efe 4:15-16; 1 Kor 12:7; 3:21-23)*

Daarom is hulle ook verplig tot die uitvoering van sulke pligte, publiek en privaat, wat dien tot hulle gemeenskaplike beswil, beide innerlik en uiterlik, en dit op ‘n ordelike wyse. *(1 Thess 5:11,14; Rom 1:12; 1 Joh 3:17-18; Gal 6:10)*

2. Belydende gelowiges is daartoe gebind om die gemeenskap van die heiliges, en ook gemeenskap in die aanbidding van God, te handhaaf, asook om verder sulke geestelike dienste uit te voer wat dien tot gemeenskaplike stigting, *(Heb 3:12-13; 10:24-25)* en om mekaar te help met betrekking tot die uiterlike dinge, na gelang van ons verskeie vermoëns en behoeftes. *(Hand 11:29-30)* Alhoewel hierdie gemeenskap van die heiliges volgens die reël van die Skrif veral beoefen word in die verband waarin ons staan, soos in gesinne *(Efe 6:4)* of in kerke, *(1 Kor 12:14-27)* nogtans, soos God die geleentheid gee, moet dit uitgebrei word tot die hele huishouding van die geloof, naamlik, elkeen wie in enige plek die naam van die Here Jesus aanroep. Nogtans neem hierdie gemeenskap met mekaar as heiliges nie die titel of besitreg weg wat elkeen oor sy eie goedere en besittings hou nie, en maak dit nie daarop inbreuk nie. *(Hand 5:4; Efe 4:28)*

## Hoofstuk 28: Die Doop en die Nagmaal

1. Die Doop en die Nagmaal is verordeninge van positiewe en soewereine instelling, deur die Here Jesus, die enige wetgewer, so aangewys, en moet in Sy Kerk voortgesit word tot aan die voleinding van die wêreld. *(Matt 28:19-20; 1 Kor 11:26)*

2. Hierdie Heilige instellings moet slegs bedien word deur hulle wie daartoe bevoeg en geroepe is, volgens die opdrag van Christus. *(Matt 28:19; 1 Kor 4:1)*

## Hoofstuk 29: Die Doop

1. Die Doop is 'n verordening van die Nuwe Testament, verordineer deur Jesus Christus, as 'n teken aan die dopeling van sy gemeenskap met Homself in Sy doop en opstanding, van sy eenwording met Hom, *(Rom 6:3-5; Gal 3:27; Kol 2:12)* en van die kwytskelding van sonde. *(Mark 1:4; Hand 22:16)* Dit is ook 'n teken van sy oorgawe aan God deur Jesus Christus, om te lewe en te wandel in die vernuwing van sy lewe. *(Rom 6:4)*

2. Diegene wie werklik bekering tot God, en geloof in, en gehoorsaamheid aan onse Here Jesus Christus, bely, is die enigste geldige kandidate vir hierdie verordening. *(Mark 16:16; Hand 2:41; 8:12,36,37; 18:8)*

3. Die uiterlike element, wat in hierdie verordening gebruik moet word, is water, waarin die kandidaat gedoop moet word in die naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.

*(Matt 28:19-20; Hand 8:38)*

4. Indompeling, of onderdompeling van die persoon in water, is noodsaaklik tot die toepaslike bediening van hierdie verordening.

*(Matt 3:16; Joh 3:23)*

## **Hoofstuk 30: Die Heilige Nagmaal**

1. Die Nagmaal van die Here Jesus was deur homself ingestel in dieselfde nag waarin Hy verraai was, om in Sy kerke gedenk te word, tot die einde van die wêreld. Dit is ‘n ewigdurende herdenking en vertoning van die offerande van Christus in Sy dood, *(1 Kor 11:23-26)* asook ‘n bevestiging van die geloof van gelowiges in al die seëninge daarvan, en ook in hulle geestelike voeding en groei in Hom, en hulle betrokkenheid in alle pligte wat hulle aan Hom verskuldig is. Daarby is die Nagmaal ‘n pand en gelofte van hulle gemeenskap met Hom, en met mekaar. *(1 Kor 10:16,17,21)*

2. In hierdie verordening word Christus nie aan Sy Vader geoffer nie, en ook geen werklike offerande vir lewende of dode gemaak nie; dit is slegs ‘n gedagtenis aan Sy eenmalige offer van Homself, deur Homself, aan die kruis, vir elkeen. *(Heb 9:25,26,28)* Dit is ook ‘n geestelike spysoffer van alle lofprysinge aan God vir dieselfde rede. Daarom is die Pouslike offerande van die Mis, soos hulle dit noem, algeheel afskuwelik en skadelik tot Christus se eie offerande, wat die enigste versoening vir al die sonde van die uitverkorenes is. *(Matt 26:26-28; 1 Kor 11:24)*

3. Die Here Jesus het in hierdie verordening Sy dienaars aangestel om te bid, en die elemente van brood en wyn te seën, om daardeur dit vanaf gewone tot Heilige gebruik eenkant te sit; om ook die brood te neem en te breek, om die beker te neem, en terwyl hulle self ook deelneem aan die Nagmaal, om beide elemente te gee aan die nagmaalgangers. *(1 Kor 11:23-26)*

4. Om die beker te weerhou van die mense; om die elemente te aanbid; om dit te verhef; om dit rond te dra vir aanbidding, en om dit te hou vir enige geveinsde godsdienstige gebruik, is alles teenstrydig met die aard van hierdie verordening, en met die instelling van Christus. *(Ex 20:4-5; Matt 15:9; 26:26-28)*

5. Die uiterlike elemente in hierdie verordening, wat behoorlik eenkant geplaas is vir gebruik soos verordineer deur Christus, het so ‘n verhouding tot Hom as gekruisigde, dat dit waarlik, alhoewel in figuurlike terme, somtyds by die naam van dit wat voorgestel word genoem word, naamlik, die liggaam en bloed van Christus. Maar, uit die aard van die wese daarvan, bly dit nog waarlik slegs brood en wyn soos tevore. *(1 Kor 11:26-28)*

6. Daardie lering wat volhou dat ‘n verandering plaasvind in die wese van die brood en wyn tot die wese van Christus se liggaam en bloed, in die algemeen

na verwys as Transsubstansiasie, en deur 'n priester, of op enige ander wyse toegewy, is teenstrydig, nie alleen met die Skrif nie, *(Luk 24:6,39; Hand 3:21)* maar ook met gesonde verstand en redelikheid. Dit keer die aard van die verordening onderstebo, en was en is die oorsaak van veelvuldige bygelowe, ja, selfs van growwe afgodery. *(1 Kor 11:24-25)*

7. Hulle wie waardig is om uiterlik aan die sigbare elemente in hierdie verordening te deel, deel ook daaraan innerlik en in alle werklikheid, deur die geloof. Hierdie deelname is nie die ontvangs van die vleeslike of liggaamlike nie, maar is die geestelike ontvangs en eet van Christus as gekruisigde, met al die voordele van Sy dood daarby. Die liggaam en bloed van Christus is dan nie vleeslik of stoflik teenwoordig nie, maar wel geestelik, in verhouding tot die geloof van gelowiges, net soos die elemente teenwoordig is in verhouding tot hulle uiterlike sintuie. *(1 Kor 10:16; 11:23-26)*

8. Net soos alle onkundige en godelose mense onbevoeg is om gemeenskap met Christus te geniet, is hulle onwaardig om te deel aan die tafel van die Here. Terwyl hulle so bly, kanhulle nie deelneem aan hierdie heilige verborgenhede, of daartoe toegelaat word, *(2 Kor 6:14-15)* sonder om groot sonde te begaan nie. Ja, selfs hulle wie onwaardiglik die Nagmaal ontvang, is skuldig aan die liggaam en bloed van ons Heer, en eet en drink 'n oordeel oor hulleself. *(Matt 7:6; 1 Kor 11:29)*

## **Hoofstuk 31: Die toestand van die Mens na die Dood en die Opstanding van die Ontslapenes.**

1. Na die dood verander die liggame van mense tot stof en vergaan, *(Gen 3:19; Hand 13:36)* maar hulle siele, wat nie sterf of slaap nie, omdat hulle 'n onsterflike bestaan het, keer dadelik terug tot God wie dit gegee het. *(Pred 12:7)* Die siele van die regverdiges word vervolmaak in Heiligheid, en in die paradys ontvang, waar hulle met Christus is, en die aangesig van God aanskou in lig en heerlikheid, terwyl hulle wag op die volle verlossing van hulle liggame. *(Luk 23: 43; 2 Kor 5:1,6,8; Fil 1:23; Heb 12:23)* Die siele van die goddelose word in die hel gewerp, waar hulle onder foltering en duisternis bly, en bewaar word tot die oordeel van die groot dag.

*(Luk 23: 43; 2 Kor 5:1,6,8; Fil 1:23; Heb 12:23)*

Met die uitsondering van hierdie twee plekke erken die Skrif geen ander, vir siele wat van hulle liggame geskei word nie.

2. Met die laaste dag, sal diegene van die Heiliges wie nog lewend is, nie ontslaap nie, maar hulle sal verander word. *(1 Kor 15:51-52; 1 Thess 4:17)* Al die ontslapenes sal opgewek word met dieselfde liggame as voorheen, en geen andere nie, *(Job 19:26-27)* maar wel met verskillende kwaliteite. Die liggame sal weer met hulle siele verenig word, vir ewig. *(1 Kor 15:42,43, 51, 52)*

3. Die liggame van die onregverdiges sal deur die krag van Christus opgewek word tot oneer; die liggame van die regverdiges, deur Sy Gees, tot eer, en hulle sal gelykvormig gemaak word aan Sy verheerlikte liggaam.

*(Joh 5: 28-29; Hand 24:15; Fil 3:21)*

## Hoofstuk 32: Die Laaste Oordeel

1. God het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in regverdigheid sal oordeel in Jesus Christus, *(Joh 5:22,27; Hand 17:31)* aan wie alle mag en strafgerig oorgegee is deur die Vader. *(1 Kor 6:3; Judas vers 6)*

In hierdie dag sal nie alleen die gevalle engele geoordeel word nie, maar ook alle mense wat op die aarde geleef het. Hulle sal voor die regterstoel van Christus verskyn om rekenskap te gee van hulle gedagtes, woorde en dade, en om te ontvang volgens hulle dade in die liggaam, of dit dan goed was, of sleg.

*(Pred 12:14; Matt 12:36; 25:32-46; Rom 14:10,12; 2 Kor 5:10)*

2. Die hoofdoel vir God se daarstelling van hierdie dag is die openbaarmaking van die heerlikheid van Sy genade in die ewige redding van die uitverkorenes, en ook Sy regverdigheid, in die ewige verdoemenis van die verworpenes, wie boos en onge-hoorsaam is. *(Rom 9:22-23)* Dan sal die regverdige die ewige lewe ingaan, en sal hy die volheid van vreugde en heerlikheid met 'n ewigdurende beloning ontvang, in die teenwoordigheid van die Here; maar die goddelose, wie God nie ken nie, en die evangelie van Jesus Christus nie gehoorsaam nie, sal eenkant gewerp word in ewige foltering, *(Matt 25:21,34; 2 Tim 4:8)* en sal gestraf word met ewige verderf, weg van die aangesig van die Here, en van die heerlikheid van Sy sterkte. *(Matt 25:46; Mark 9:48; 2 Thess 1:7-10)*

3. Christus wil dat ons met sekerheid oortuig moet wees dat die dag van oordeel sal kom, beide om alle mense te weerhou van sonde, *(2 Kor 5:10-11)* en vir die grotere vertroosting van die Godvresende in sy teëspoed. *(2 Thess 1:5-7)* Netso wil Christus dat die presiese dag nie aan mense bekend moet wees nie, sodat hulle alle vleeslike sekuriteit mag afskud, en altyd waaksaam mag wees, want hulle weet nie in watter uur Hy sal kom nie.

*(Mark 13:35-37; Luk 12:35-40)*

Hulle moet altyd gereed wees om te sê:

"Kom Here Jesus, kom gou." *(Openb 22:20)*

**Amen.**